verklaarde wil van die parlementêre meerderheid dwarsboom; sou hy die advies van die verantwoordelike ministers in die wind slaan; of sou hy die wetsontwerp teken? Hy het nie geweifel nie; hy het sy konstitusionele beginsels nie prysgegee nie; en die „Rebellion Losses Bill'' het deur sy handtekening wet geword.

Met hierdie wet self het ons vandag nie meer te doen nie. Of sy inhoud goed of sleg was, hoef ons nie te beoordeel nie. Vir ons is nou nog alleen van belang dat in die laaste week van April 1849 die groot beginsel van koloniale selfbestuur in Montreal vasgelê is; en dis die moeite werd om 'n beeld van die storm wat daar gewoed het in ons geheue te behou. Ons sien Elgin kalm en vasberade uit die parlementsgebou stap, nadat hy die wet geteken het. Ons hoor hoe die skare hom toejuig — en beledig. Ons sien hoe die getalle van die opgewonde lojaliste toeneem, en hoe hulle eindelik die parlmentsgebou aan brand steek. So is 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Kanada ingelei.

En hierdie groot kolonie, gelukkig in die uitgestrektheid en vrugbaarheid van sy onmeetlike vlaktes, in sy mereprag en groot strome en ontsaglike bosse, gelukkig ook hierin dat hy geen slawerny geken het en met geen naturelleprobleem te sukkel sou hê nie — hierdie geseënde land kan ons nou weer vir 'n tyd sy ontwikkelingsgang laat gaan. Ons sal egter in gedagte hou, dat terwyl ons eie pioniers in Suid-Afrika 'n worstelstryd om lewe en dood teen 'n harde natuur en woeste natuurkinders moes voer en daarby en daarom vrywel geen steun van nuwe oorsese aankomelinge kon kry nie, die Kanadese, jaar na jaar deur duisende nuwe koloniste versterk, met harde inspanning, dis waar, maar sonder die moeilikhede wat so swaar op ons ontwikkeling druk, hulle koringlande uitgebrei het, todat die hele middelland één groot koringland geword het, en ook verder as boere en handelaars, houtkappers en vissers, padmakers en spoorlêers, 'n nuwe welvarende woonplek so groot soos Wes-Europa vir die Europees beskawing in blywende besit geneem het.

## § 4. Die Kolonies in die Suidsee.

### (a) Hoe hulle ontdek is.

Die Grieke en Romeine het reeds aan die bestaan van 'n onbekende, suidelike kontinent, *Terra Australis,* geglo, en vóór die end van die sestiende eeu het die Portugese geweet dat daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

suid van Nu-Guinee 'n groot landmassa lê. Die Nederlanders op reis na Oos-Indië het betreklik gou dele van sy noordwestelike kus gesien, en kaptein Abel Tasman het in 1642 onder opdrag van die Oos-Indiese Kompanjie langs die Australiese weskus na die suide geseil en Tasmanië, wat hy Van Diemensland genoem het, en Nu-Seeland ontdek. Van nou af is Australië Nu-Holland genoem; maar die Nederlandse belangstelling in hierdie dele het verflou; daar was geen handelsprofyte te haal nie; en tot in die agtiende eeu was Nu-Holland, Van Diemensland en Nu-Seeland vir die beskaafde wêreld nie veel meer as name nie. Die pragtige ooskus van Australië was totaal onbekend. Die „Great Barrier Reef'' het hier selfs die mees awentuurlike kapteins afgeskrik.

Gedurende die agtiende eeu het veral die koloniale stryd tussen Engeland en Frankryk daartoe bygedra om die waaghalserige reis- en awentuurlus van meer as 'n eeu tevore weer sterk te laat opkom. Ook seerowery het daarmee gepaard gegaan; en die eilande van die Suidsee het tonele opgelewer soos vroeër alleen in die Wes-Indiese Eilande moontlik was, en het ook die nuusgierigheid van wetenskaplike navorsers gewek en die fantasie van romanskrywers besig gehou. 'n Reeks van meer of minder getroue beskrywings van die Suidsee-eilande en van dele van *Terra Australis* het verskyn, en dis 'n interessante aanduiding van die verskuiwing van die awentuurlike belangstelling dat Defoe reeds in die begin van die agtiende eeu vir *Robinson Crusoe* (1719) op 'n eiland langs die weskus van Suid-Amerika sy wonderlike lotgevalle laat ondergaan.

Gedurende die agtiende eeu is ook die onopgeloste probleem van absoluut juiste plekbepaling op die oseaan weer baie ernstig aangepak. Ons sal ons herinner dat 'n matroos, deur die hoogte van die son (of 'n ster) te meet, kon vasstel hoe ver noord of suid van 'n gegewe punt hy was (breedtegraad), maar dat dit onmoontlik was om lengtegraad op see suiwer te bepaal, voordat daar 'n horlosie beskikbaar was wat onder skommeling en wisselende temperatuur egalig sy gang gaan. Selfs die groot Engelse natuurkundige, Newton, die man wat die wet van swaartekrag vasgestel het, het sy aandag aan hierdie probleem gegee, en teen die middel van die agtiende eeu is die beginsel van kompenserende horlosies (kronometers), wat dit sou oplos, uitgevind. Dit kom hierop neer dat die slagwiel van 'n horlosie van verskillende metale gemaak word, en omdat hulle uitsetting of inkrimping onder hitte of koue verskillend is, kanselleer hulle onderling die uitsetting of inkrimping en hou die slagwiel suiwer. Die eerste werklik goeie kronometers is in 1772



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

deur twee Engelse, Arnold en Kendal, gemaak.

Al hierdie dinge het saamgewerk om die baanbrekende reise van kaptein James Cook moontlik te maak. Hy is in 1728 gebore en het as 'n jong offisier onder Wolfe deelgeneem aan die verowering van Quebec. Bekend as 'n deeglik seeman met groot wetenskaplike belangstelling, is hy uitgekies om as hoof van 'n navorsingsekspediesie in 1769 na die Suidsee te seil, o.a. om die sonsverbygaan van Venus op Tahiti te meet. Op die skip was ook 'n beroemde botanikus, Banks. Van Tahiti het Cook op Nu-Seeland afgestuur en deur sy omseiling van hierdie eilandgroep vasgestel dat dit nie, soos destyds vermoed is, 'n deel van 'n groot suidpoolse kontinent *(Terra Antarctica)* is nie. In die begin van 1770 besoek Cook van Nu-Seeland af die totaal onbekende ooskus van Australië, en hy en sy geselskap maak op verskillende punte van naby kennis met hierdie geseënde landstreek. Hulle land o.a. by Botany-baai en Port Jackson, waaraan hulle hierdie name verbind. Met groot moeite en gevaar kom Cook dan oor die noordelike banke van die „Great Barrier Reef'' en seil via die Torresstraat, Batavia en die Kaap terug na Engeland, waar hy in Junie 1771 arriveer. In Junie 1772 word hy weer uitgestuur om die geheim van Terra Antarctica te ontsluier. Om die Kaap na Nu-Seeland gaan die reis, in die Yssee, waar die skip byna verongeluk, na Tahiti en ander Suidsee-eilande, terug na Nu-Seeland, weer deur die Yssee tot verby Kaap-Hoorn, en toe terug na Engeland.

'n Derde groot reis wat hy in Julie 1776, 'n jaar na sy terugkeer van sy twede, begin het, was vir hom noodlottig. Die Britse Parlement het 'n groot geldprys uitgeloof vir die ontdekking van 'n seeweg om Noord-Amerika heen, en Cook was een van die beroemde reeks van soekers na „the North-West Passage.'' Met 'n groot draai, wat om die Kaap gegaan en 'n besoek aan Nu-Seeland en baie Suidsee-eilande ingesluit het, het hy eindelik die weskus van Noord-Amerika bereik en deur die Beringstraat die noordelike Yssee ingeseil. Sy pogings om van hier om Noord-Amerika deur te dring was tevergeefs, en op sy terugreis is hy deur die inboorlinge op Hawaii vermoor (Januarie 1779).

### (b) Stigting van Nu-Suid-Wallis.

Nou het die Engelse ruimskoots oor inligting omtrent Australië en Nu-Seeland en die hele groot Pasifiese eilandwêreld beskik, en veral die ooskus van Australië, waaraan Cook die naam „New South Wales'' gegee het, was aangewys as uit-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

stekend geskik vir kolonisasie. Die verlies van die Noord-Amerikaanse kolonies het egter in Engeland die lus om nuwes te stig baie flou gemaak; en dit was hoegenaamd nie koloniale uitbreidingsdrang nie, maar die dringende behoefte aan 'n plek om misdadigers na te deporteer, wat die Britse regering skoorvoetend laat besluit het om sy oorsese besittings te vermeerder.

Van die middel van die sewentiende eeu af was deportasie die geliefkoosde strafmaatreël van die Britse regspraak, en daar was agentskappe wat 'n hele besigheid daarvan gemaak het om bandiete na die Amerikaanse kolonies te stuur en daar aan die plantasiebesitters teen £8 tot £20 stuk vir 'n termyn van dwangarbeid, wat gewoonlik op sewe jaar gestel was, af te lewer. Na die Amerikaanse vryheidsoorlog was die Verenigde State, wat jaarliks die meeste van die Britse misdadigers opgeneem het, vir hulle gesluit, en in 1783 is 'n parlementêre kommissie aangestel om 'n nuwe afsetplek te vind. Gambië het selfs vir hierdie doel te ongesond geblyk, en gelukkig vir ons was die Kaap nog nie 'n Britse besitting nie; en na baie wik en weeg het die kommissie op Banks se aanbeveling ingegaan en in 1786 besluit om N-Suid-Wallis vir 'n strafkolonie te gebruik. In Mei 1787 seil dan eindelik twaalf skepe onder kaptein Arthur Phillip, met 550 manlike en 200 vroulike bandiete, en 'n militêre wag van 200 soldate met 40 van hulle vroue van Engeland daarheen, en op 26 Januarie 1787 hys Phillip die Britse vlag by Sydney-baai, wat hy vir sy treurige neersetting uitgekies het. Op so 'n onaantreklike manier het die kolonisasie van Australië begin.

Die stigting by Sydney het lank vir die grootste gedeelte 'n dwangkolonie gebly, maar langsamerhand het egte koloniste begin opdaag, en hulle getalle is aangevul deur offisiere en vrygestelde bandiete wat ook boere geword het. Dit was 'n ruwe tyd, hierdie beginstadium. 'n Slegte gees het geheers, die tronkvoëlgees! Dronkenskap was baie algemeen, veral onder die misdadigers wat toegelaat is om as ingeboekte arbeiders by die boere te werk, en wie se loon grotendeels uit drank bestaan het; van die eerste graanoeste is alkohol gestook om 'n onversadigbare navraag te help bevredig; 'n bottel rum of brandewyn het as geldmaatstaf gedien; afskuwelike misdade en mishandeling van die inboorlinge was gewone verskynsels; en verskeie kere het dit gebeur dat misdadigers 'n skip oorrompel en daarmee as seerowers die oseaan gekies het. Die eerste militêre bevelvoerders het hulle hande vol gehad; ook Marsden, die predikant. In Hobart, op Van Diemensland, waar in 1804 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

adjunkstrafkolonie, ondergeskik aan Nu-Suid-Wallis gestig is, het soortgelyke toestande geheers.

### (c) Kolonisasie agter die Wolskaap aan.

Met die toename van deeglike koloniste en die uitbreiding van die boerdery het egter 'n gesonder gees die oorhand begin kry. Hoe kon dit ook anders in so 'n geseënde land? Australië was 'n leë kontinent. Die inboorlinge was kultureel nog nie eers die gelykes van ons Boesmans nie, en hulle verspreidheid en die geringheid van hulle getal het ook nog daartoe bygedra om hulle van vrywel geen betekenis in die geskiedenis van Australië te maak nie. Sonder die moeilikhede van 'n naturelle-probleem, ontbreek dit die eiland-kontinent ook aan gevaarlike wilde diere; en groot dele daarvan is klimaties besonder geskik vir blanke kolonisasie. Die oostelike kusstreek tussen die Blou-berge en die see en die suidoostelike hoek het 'n goeie reënval, en ook die uitgestrekte vlaktes wes van die bergreeks het water genoeg en lewer die pragtigste weivelde van die wêreld op. Dan kom 'n groot middellandse woestynstreek, maar in Wes-Australië word karoboerdery weer moontlik.

Skaapboerdery het Nu-Suid-Wallis ekonomies en geestelik gesond gemaak, en die groot baanbreker op hierdie gebied was 'n gewese offisier, John MacArthur. In 1794 het hy en ds. Marsden die wolgehalte van die eerste minder goeie ingevoerde stok verbeter deur die aankoop van merienoskape, wat deur offisiere uit Suid-Afrika saamgebring is. So is die fondament van die groot Australiese wolindustrie gelê. Dit was net op die regte tydstip, want die Engelse fabrieke was klaar om al die wol wat geproduseer kon word, te verwerk; en Suid-Afrika, waar die skaapboer maar baie langsaam die vetstertskaap laat los het, het 'n groot kans verkyk. Nou word die grondkwessie 'n baie belangrike saak in Australië, en in die begin is naas die gewone Engelse „quitrent''-plase 'n soort van grondhuur („lease'') ingevoer. Vermoënde koloniste het daardeur op 'n goedkoop manier enorme weivelde gekry, maar hierdie stelsel het onsekerheid en ander moeilikhede met hom meegebring, en ons sal nog sien dat die grondkwessie die allesoorheersende vraagstuk geword het.

Reeds MacArthur het die nadele van boerdery op 'n onseker besitfondament ernstig ondervind; en hy was nogal spesiaal beskerm, want in 1804 het hy op direkte las van die Britse regering 5,000 „acres'' in ewigdurende erfpag („quit-rent'') met die nodige misdadigers as arbeiders gekry. Teen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

goewerneur Bligh, 'n geesgenoot van lord Charles Somerset, wat sy reg op die grond in twyfel getrek het, kon hy hom moeilik verdedig. „Damn the law; my will is law," het Bligh gesê; en die end van die saak was dat Bligh in 1810 teruggeroep is, maar ook MacArthur moes Nu-Suid-Wallis verlaat, en eers in 1817 kon hy na sy groot skaapplaas, die „Camden Estate," terugkeer.

Met Macquarie, die opvolger van Bligh, het die kolonie sy eerste bloeiperiode ingegaan. Tot nou was die uitbreiding nog tot die streek by Sydney tussen die see en die Blouberge beperk, met 'n paar buiteposte aan die mond van die Hunterrivier, noord van Sydney, waar steenkool ontdek is, en die latere Newcastle aan die opkom was. In 1813 het die eerste veeboere oor die Blouberge getrek, en Macquarie het hulle gehelp en aangemoedig. Hy het 'n goeie pad oor die berge laat maak en so die vervoer uit die binneland vergemaklik. Die pragtige weivelde aan die bowaters van die Lachlan- en Macquarie-riviere het baie koloniste daarheen gelok, en die nuwe stad Bathurst, wat hier gestig is, het vinnig gegroei. Ontdekkingsreise, b.v. dié van Oxley, die onbekende westelike wêreld in, is op tou gesit, en die berigte omtrent die land was gunstig. Die moontlike bestaan van 'n groot binnelandse meer, waarin die riviere op hulle koers na die weste toe uitmond, het ook aanloklik gewerk, want die groot Murrayrivier was nog onbekend. In 1821, toe goewerneur Macquarie deur sir Thomas Brisbane opgevolg is, het die blanke bevolking van Nu-Suid-Wallis uit 39,000 siele bestaan, met 100,000 beeste en 290,000 wolskape. So belangrik was dit reeds dat die ou stelsel van militêre outokratiese bestuur verander moes word. In 1823 is 'n benoemde raad, waarop ook koloniste sitting gekry het, die goewerneur bygegee, en hy moes volgens die besluit van die meerderheid handel. Ook 'n behoorlike hoë geregshof met die jurie-stelsel is ingevoer. 'n Verdere teken van vooruitgang was die verskyning van die eerste koerant in Sydney, „The Australian."

### (d) Nuwe Stigtings.

Vóór die Franse seemag deur Nelson by Trafalgar verpletter was, het Napoleon, as gevolg van besoeke van Franse skepe, 'n soort van aanspraak op die suidkus van Australië gemaak, en die naam „Terre Napoleon," Napoleonsland, is selfs daaraan gegee. Na die vrede van 1815 het die Franse weer tekens van belangstelling in die Suid-Pasiefiese oseaan begin wys. Onder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

opdrag van die Britse regering, wat geen moeite met 'n ander Europese mag hier wou hê nie, het die goewerneur van Nu-Suid-Wallis toe in die jaar '20 aan die Australiese suidkus by die mond van die baai, wat die kaaie van die teenswoordige Melbourne bespoel, 'n Britse pos gestig, asook aan die mond van Swanrivier op die weskus. Die suidelike stigting was kort van duur, maar die kolonisasie van Wes-Australië is deur 'n aantal Engelse kapitaliste opgevat. 'n Groot stuk grond, 250,000 acres, is by die Swanrivier deur die Britse regering aan hulle toegesê, onder voorwaarde dat hulle koloniste daarheen sou stuur en grond aan hulle sou gee. Groot reklame is in die Britse pers vir die saak gemaak, en binne anderhalf jaar na die begin van die „Swan Rivier Settlement'' (1829) het 30 skepe met 1,000 koloniste daar aangekom. Baie was teleurgesteld met die droë land, en het na Van Diemensland en Nu-Suid-Wallis gegaan, en die Wes-Australiese kolonie het lank gekwyn, maar sy fondamente en dié van Perth, sy hoofstad, was gelê. In die tussentyd (1824) is ook 'n nuwe strafkolonie by Moretonbaai (vandag Brisbane) noord van Sydney opgerig.

Veel belangriker was die binnelandse uitbreiding van Nu-Suid-Wallis in hierdie tyd. Die toevloei van koloniste hierheen het sterk toegeneem; ons staan trouens nou reeds in die groot Britse emigrasietydperk, 'n gevolg van die Industriële Omwenteling; en in 1831 het die oostelike kolonie 'n bevolking van 51,000 gehad. Baie van hulle het die pad oor die Blouberge ingeslaan en as „squatters'' vir 'n appel en 'n ei uitgestrekte weiregte gekry. Die regering was sterk gekant teen hierdie los en maklike manier van plase-aanskaf, en het voortdurend probeer om die „quitrent''-stelsel (dieselfde as wat Cradock in Suid-Afrika ingevoer het), wat oos van die Blouberge die algemene reël was, ook in die binneland toe te pas, maar die „squatters'' het hulle gang gegaan — agter hulle skape aan, op die spoor van Oxley en sy mede ontdekkers.

Oxley was dit wat as eerste blanke in 1817 die Lachlan- en Macquarie-riviere gesien het. Pragtig nat was die wêreld van baie reëns, en hy het teruggegaan na Sydney met die blye boodskap: „Kom aan! Dit reent daar anderkant die berge as dit hier by die kus nog mooiweer is.'' (Vgl. ons eie binnelandse reëns). In 1828/9 druk Sturt langs die Macquarierivier af. Hy vind die streek droog, want die reëns het weggebly, maar byna dood van die dors bereik hy die Darlingrivier. Hy wil die geheim van hierdie groot stroom oplos, en die volgende jaar vind hy die saamloop van die Murray- en die Darlingriviere.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Nou was dit bewys dat al die groot waters van die oostelike binneland tot een stroom verenig word, en in 1836 het Mitchell, ook van die binneland uit, sy mond gevind.

Die veeboerpioniers het in die tussentyd die suidelike kusstreek 'n ent verder na die ooste toe bereik en saam met nuwe oorsese aankomelinge die fondament van die latere Victoria gelê. Die nuwe immigrante is deur 'n maatskappy wat John Batman gestig het, hierheen gebring. Hy het hom eers in Van Diemansland gevestig, maar in die jare '20 het die immigrasiestroom ook hierheen baie sterk geloop en die grond het duur geword. Vir die grondspekulante van Van Diemansland het die naby-geleë suidelike kusstreek van Australië dus moontlikhede begin aanbied; en Batman ruil daar vir ware wat £200 gekos het 'n gebied van 600,000 acres van 'n paar klompies ronddwalende naturelle. Dat die armsalige „Black Fellows'' van grondbesit geen benul had nie, het hom in sy transaksies nie gehinder nie. Hy vorm sy maatskappy, en doen aansoek by die Britse regering om bekragtiging van sy koopverdrag. Die hoë here in Londen was glad nie ywerig om nuwe koloniale poste te help stig nie, (die gevaar dat die Franse 'n deel van Australië sou inpalm was verby, hulle het in Algiers voorlopig genoeg te doen gehad); maar hulle moes rekening hou met die geesdrif wat in Engeland geheers het om nuwe woonplekke vir die oortollige bevolking te kry, asook met die feit dat die noordelike veeboere die suidelike kusstreek bereik het; en in 1835 kry die goewerneur van Nu-Suid-Wallis opdrag om 'n magistraat daarheen te stuur en die verkoop en verpag van grond behoorlik te reël. Die reg van die kroon op die grond moes gehandhaaf word, en veral moes gesorg word dat die verkoop daarvan genoeg oplewer om die addisionele administrasiekoste te dek. In 1837 het goewerneur Bourke self van Sydney oorgekom om by die eerste opveiling van kroongrond in die nuwe gebied teenwoordig te wees, en hy het by dié geleentheid ook die plek vir die bou van Melbourne aangewys. Daar was toe reeds 500 koloniste met 100,000 skape in hierdie gebied, en hulle getalle het baie vinnig vermeerder, maar die nuwe stigting het nog 'n geruime tyd onder Nu-Suid-Wallis geressorteer.

Ons is nou in die tyd van die groot Australiese grondmaatskappye. Hulle was spekulatiewe ondernemings, met die dubbele doel om Britse immigrasie in Australië te bevorder en daarvan deur die verkoop van grond aan die immigrante 'n winsgewende besigheid vir die bevorderaars te maak. Ons noem o.a. die „Australian Agricultural Company,'' wat in

I



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

1824 'n miljoen acres op die pragtige „Liverpool Plains'' noord van Bathurst verwerf het en die „Van Dieman's Land Company'' (1825), met 'n halfmijloen acres op Tasmanië (geen wonder dat Batman moes padgee nie!); en ons herinner aan die „West Australian Company'' wat in 1829 Perth gestig het. Hierdie maatskappye het gewoonlik hulle grond van die regering gekoop (of gekry) onder voorwaarde dat 'n deel van die opbrengs van grondverkopings aan immigrante (of ander boere) gebruik moes word om die passasies van nuwe immigrante na Australië te betaal, en uit hierdie voorskrif en gebruik het toe 'n eienaardige gedagtegang ontstaan.

## (e) Die Wakefield-stelsel.

In 1829 verskyn in brosjurevorm die beroemde „Letter from Sydney'' van Edward Gibbon Wakefield, 'n bewoner van die Australiese moederstad. Sy argument is ongeveer as volg: Kroongrond in 'n kolonie moet nooit verniet weggegee word nie, maar moet so duur moontlik verkoop word, want hoe meer dit oplewer, des te meer nuwe koloniste kan (en moet) uit die opbrengs na die kolonie gebring word, en hoe meer daar kom, des te hoër sal die pryse by grondveilings styg, en des te meer nuwe immigrante sal weer kan ingebring word, om op hulle beurt die grondwaarde te vermeerder en sodoende die immigrasiestroom te vergroot, ens., ens.

Wakefield se idees het 'n groot invloed onder dié kringe in Engeland, wat besig was om emigrasie na Australië te bevorder, uitgeoefen. Hier, skynbaar, was nou 'n middel aangegee om sonder koste vir die moederland of die kolonies die bevolkingsdruk in Groot-Brittanje te verlig en die nuwe lande te vul en op te bou. Met hierdie doel is in 1831 die „South Australian Land Company'' in Engeland gestig, en onder die oprigters was vooraanstaande parlementslede soos kolonel Torrens en Bulwer-Lytton. In 1834 het die maatskappy 'n oktrooi van die Britse parlement gekry, wat o.a. ingesluit het die reg om 'n kolonie in Suid-Australië te stig en self te administreer en die verpligting om die grond teen 12/- 'n acre te verkoop en uit die opbrengs altyd meer koloniste daarheen te vervoer.

In 1836 stuur die Suid-Austaliese Maatskappy sy eerste landverhuisers na die mond van die Murrayrivier, dus 'n ent wes van Bourke se aanleg, en begin 'n kolonie daar met Adelaide as sentrum. Dit het eers baie goed gegaan. In 1840 was daar reeds 15,000 koloniste met 200,000 skape ens., en Wakefield se formule het gewerk, want die prys van grond het na



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

£2 per morg geklim; maar nou is bewaarheid wat 'n Engelse historikus van die Wakefield-skema sê: „The project was calculated to work like clockwork or rather like a clock which wound itself up. In every case the clock ran down and the formula proved a fallacy." Spekulasie in grond het dit onverkoopbaar gemaak, en in 1841 en die volgende jare volg 'n groot finansiële ineenstorting, wat o.a. daartoe gelei het dat die Britse regering die kolonie van die maatskappy moes oorneem. Ook in Sydney, Melbourne en Tasmanië het in hierdie tyd die oorhaaste vermeerdering van die prys van vaste eiendom 'n ernstige terugslag tot gevolg gehad, en baie koloniste moes met bankrotskappe betaal vir hulle veronagsaming van die waarheid dat, as 'n goeie ding oordryf word, dit 'n gevaar kan wees. Die idee om die grootste materiële bate van 'n nuwe land, d.w.s. die grond, vir die bevordering van immigrasie te gebruik, is seker gesond, en lord Ripon, die Britse minister van kolonies, het in 1831 verstandig gehandel, toe hy bepaal het dat alle kroongronde teen 'n mienimum-insetprys van 5/- die acre moes opgeveil word, „and that the proceeds must be earmarked as a fund for introducing emigrants," maar onder die opjaery van spekulateurs het hierdie goeie maatreël, wat grotendeels die voortsetting van 'n bestaande gebruik was, ook die buitensporige prysstyging in die hand gewerk. Die nadelige volge daarvan is egter gou oorkom, en die beginsel van Ripon is nog verder tot groot voordeel vir Australië gehandhaaf. Dis te betreur dat Suid-Afrika met sy eienaardige historiese ontwikkeling en sy naturelleprobleem hierdie beginsel nooit kon toepas nie.

### (f) Die Bandiet nie meer welkom nie.

Wakefield se geesdrif om die prys van grond in die hoogte te ja was ook 'n teken van 'n groeiende verset teen die verdere invoer van misdadigers. Hy wou die tronkvoëls uithou en slegs deeglike koloniste inbring. 'n Britse parlementêre kommissie is in 1837 benoem om die saak te ondersoek, en op hulle aanbeveling is Nu-Suid-Wallis, waarheen destyds reeds om en by die 60,000 misdadigers gestuur was, in 1840 van die lys van strafkolonies geskrap. Van Diemensland moes nou maar al die ongewenste gaste ontvang, en in die jare '40 het die eilandjie van hulle volgeloop. In 1845 het 10,000 „ticket-of-leave men," d.w.s. misdadigers wat onder belofte van goeie gedrag vrygelaat is, die arbeidsmark daar oorstok, en soos goeie geld deur slegte uit 'n land gedrywe word, moes die koloniste van 'n

I2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

beter klas vir hulle plek maak. In Suid-Australië is nooit misdadigers toegelaat nie, en Victoria het baie min „ticket-of-leave men'' of uitgehuurde bandiete opgeneem.

In die tussentyd loop die Britse tronke vol, want die „Chartists'' en die Ierse opstandelinge is in duisende daarin opgeneem, en die Russell-ministerie sit met die hande in die hare. Grey, die minister van kolonies, sien dus geen ander uitweg as om die besluit van 1840 betreffende Nu-Suid-Wallis te laat herroep en die Kaap-Kolonie ook vir die aflaai van bandiete te gebruik. Gelyktydig met die groot verset in Suid-Afrika hierteen was daar ook in Nu-Suid-Wallis 'n heftige protes-beweging aan die gang, en nes aan die Kaap het die mense in Melbourne en Sydney gekeer dat die bandietskepe nie ontruim word nie. In 1851 willig Grey eindelik in om Nu-Suid-Wallis van die verdere opname van bandiete te verskoon, en om die druk op Van Diemensland te verminder, stuur hy hulle ook nou na Wes-Australië. Hierdie sukkelende kolonie, wat sy kwynenede mark wou verbeter en goedkoop arbeidskragte nodig had, was nogal gretig om hulle te kry, en na Van Diemensland in 1853 ook toegelaat is om sy deure teen die verdere invoer van misdadigers te sluit, was Wes-Australië die enigste Australiese gebied waar hulle nog opgeneem is. Dit word bereken dat omtrent 130,000 bandiete altesaam na Nu-Suid-Wallis en Van Diemensland gestuur is, maar 'n hoë persentasie van die bevolking het hulle afstammelinge tog nie uitgemaak nie, omdat bandiete nie ideale huisvaders is nie, en die geweldige instroming van vrye immigrante selfs die bo-aangegewe groot syfer totaal oorskadu. Die groei van die Australiese neersettings, wat hulle ontwikkeling tot aparte selfregerende kolonies onvermydelik gemaak het, lewer bewyse hiervan.

## (g) Oplossing van die Grondkwessie.

Nu-Suid-Wallis het so mooi vooruitgegaan dat in 1840 sy uitvoer al 'n som van £855,000 verteenwoordig het en in 1842 die raad tot 36 lede vermeerder is, 12 waarvan benoem, terwyl die res deur die koloniste gekies is. Hierdie nuwe wetgewende raad het ook oor die finansies van die kolonie besluit, maar die goewerneur, by wie die uitvoerende mag nog berus het, was op finansiële gebied nog taamlik vry, omdat sekere salarisposte („civil list''), asook die verkoop van kroongrond, buite die kontrole van die raad gehou is. Dit het egter nie verhinder dat hierdie liggaam in sy nuwe vorm hom dadelik in 1843 met die grondkwessie begin besighou het nie, en die gekose lede het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

daaroor in stryd met die goewerneur, Gipps, gekom. Hy wou twee dinge regkry: die „squatters'' verplig om in elk geval 'n deel van hulle plase te koop, en die agterstallige „quitrents'' invorder. Interessante feite het toe aan die lig gekom, o.a. dat in één distrik ag weilisensies byna twee miljoen acres insluit, terwyl die orige nege pagters daar skaars 300,000 acres tot hulle beskikking het, en dat die vier grootste grondpagters in die kolonie weiregte oor byna ag miljoen acres besit, en daarvoor nie meer betaal as die vier kleinste pagters nie. Dit was m.a.w. duidelik dat die groot kapitaliste onder die ou los stelsel van plase verkry hulle invloed by die regering gebruik het om 'n aansienlike deel van die weiveld goedkoop in te palm. Gipps wou dus kras optree om die verliese wat die regering as gevolg van die ou grondstelsels gely het, enigsins goed te maak en meer grond vir verkoopdoeleindes beskikbaar te kry. Hy wou meer geld van die „squatters'' hê en hulle vaster aan hulle plase bind, en hy wou die besitters van erfpag-plase, wat jare agtereen met die paggelde agterstallig was, tot betaling dwing. Die konserwatiewe ministerie wat destyds in Engeland aan die bewind was, het hom ondersteun, en daar was baie ontevredenheid in die kolonie. Die Russell-ministerie het minder skerp opgetree. Grey raak van Gipps ontslae en gelas sy opvolger om stadiger te gaan met die invordering van die „quitrents,'' en in 1847 volg toe 'n Britse „Order in Council'' wat die hele grondstelsel in Nu-Suid-Wallis op 'n meer bevredigende basis gebring het, en die verdere kolonisasie van Australië in 'n gesonde rigting gestuur het.

Volgens hierdie proklamasie van die Britse regering is Nu-Suid-Wallis in drie soorte van distrikte verdeel: (1) „settled,'' (2) „intermediate'' en (3) „unsettled districts.'' In klas (1), wat langsamerhand uitgebrei moes word, is alleen eiendoms- of erfpag-plase toegelaat, terwyl in (2) en (3) grondverpagting op kort termyne (iets anders as erfpag) veroorloof is. 'n Vaste huurbasis vir die „squatters'' is ook ingevoer, nl. £10 per jaar per plaas („run'') van so 'n omvang dat ± 4,000 skape daarop kan loop. Dit was die hoogste tyd dat die binnelandse grondkwessie gereël word, want in 1839 was daar in Nu-Suid-Wallis met sy aanhangsel aan die suidkus 4,400 „squatters'' met 'n veebesit van een miljoen skape en 'n kwartmiljoen beeste, wat natuurlik slegs 'n deel uitgemaak het van die veestapel van die kolonie, maar tog 'n aansienlike boerdery aangedui het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## (h) Parlementêre Selfbestuur.

Die stigting by Melbourne (eers Port Phillip genoem) het vinnig gegroei. In 1850 het ons hier 'n bevolking van 77,000 en 'n uitvoerwaarde van £1,000,000. Wol was die hoofproduk, maar nywerhede het ook al begin opkom. Dis dus begryplik dat die mense hier op hulle eie bene wou staan, los van Nu-Suid-Wallis, en hierdie selfstandigheidsgevoel is teen die middel van die neëntiende eeu deur 'n algemene agitasie onder die Australiërs vir meer selfregering versterk. Dat Kanada reeds in besit van verantwoordelike bestuur was, het hulle aangespoor om ook met niks minder tevrede te wees nie. Ja, sommige wou selfs verder gaan. 'n Invloedryke man, John Smith, het b.v. in Van Diemensland in 1850 vir die stigting van 'n gemenebes van onafhanklike Australiese state gepleit — maar hy was in 'n kwaai stemming! Hy het die invoer van bandiete heftig beveg, en om hulle kwyt te raak, was hy selfs gereed om die band met Engeland af te sny.

Die liberale ministerie onder lord John Russell was soos ons weet ten gunste van koloniale selfbestuur, maar Grey, die minister van kolonies, wat reeds sy vingers met die bandietekwessie verbrand het, ja die Australiërs nog 'n keer in die harnas deur aan hulle te wil dikteer, hoe hulle grondwette moet opgestel word en hoe hulle 'n federasie moet vorm. Dit het by 'n lid van die wetgewende raad van Nu-Suid-Wallis die onparlementêre uitdrukking uitgelok: „We should leave this damning proof of Colonial Office tyranny to rot in its own loathsomeness.'' Grey het toe versigtiger gegaan. Eers is die suidelike deel van Nu-Suid-Wallis met sy hoofstad Melbourne, toegelaat om van die moederkolonie af te skei (1850), en aan hierdie kolonie, wat nog altyd Port Phillip geheet het, sowel as aan Van Diemensland, wat reeds in 1823 'n eie goewerneur met 'n benoemde raad gekry het, en Suid-Australië, aan die mond van die Murrayrivier, is regeringstelsels soortgelyk aan die van Nu-Suid-Wallis gegee. Daarby is al hierdie kolonies gevra om konstitusies vir hulself op te trek en om dié vir goedkeuring aan die Britse parlement voor te lê. „Ja, so moet dit wees,'' het die Australiërs gesê; en in 1854 was alles klaar en is die nuwe grondwette van die vier Australiese kolonies, Nu-Suid-Wallis, Victoria (die vroeëre Port Phillip), Tasmanië (herdoping van Van Diemensland) en Victoria deur die Britse parlement bekragtig. Almal het aan die twee kamerstelsel die voorkeur gegee, en in almal is die laer huise, die wetgewende vergaderings („legislative assemblies''), deur die koloniste gekies, terwyl die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wetgewende rade deur benoeming of op die basis van hoë besit- en kieskwalifikasies aangevul is. Toe die eerste egte parlemente in 1856 vergader, het ministeriële verantwoordelikheid ook gevolg, en die Australiese kolonies het dus op konstitusionele gebied die Kaap ingehaal en oortref. Nog verder was hulle in hierdie tyd ons verby, wat bevolkingsyfers en algemene ekonomiese ontwikkeling betref; maar vóór ons weer op hierdie sake let, moet nog net gesê word dat die noordelike gedeelte van Nu-Suid-Wallis in 1859 onder die naam van Queensland ook 'n aparte selfregerende kolonie geword het, en dat Wes-Australië, met sy droë klimaat, veel langer aangesukkel en eers in 1890 parlementêre selfbestuur gekry het.

### (i) Ontdekking van Goud.

Die ekonomiese vooruitgang van die westelike en suidwestelike neersettings in Australië, wat reeds skitterend was, is verhaas deur die ontdekking van goud in 1850. Twee jaar tevore is goud in groot hoeveelhede in Kalifornië aan die weskus van Noord-Amerika gevind, en 'n hele aantal Australiërs het ook hulle fortuin daar gaan soek. Een van hulle, 'n man Hargraves van Sydney, begin in 1851 na sy terugkeer stelselmatig die droë rivierbeddings wes van Bathurst, waar tevore reeds goudkorreltjies gekry was, om te krap. Hy het mos nou geweet hoe 'n goudsoeker te werk moet gaan, en sy sukses was verbluffend. 'n „Rush'' volg onmiddellik, en berigte van groot vondse trek nog meer mense na die buurt van Bathurst, maar teen die end van 1851 word nog ryker vondse verder suid langs die Murrayrivier gerapporteer en 'n ware *el dorado* by Balarat en Bendigo, suid van die berge in Victoria.

Die goudkoors het die mense gepak. Die Australiese boer het sy plaas verlaat en die stedeling sy kantoor en van oorsee het duisende ingestroom om te deel in die rykdom wat daar rondlê om opgetel te word. In November 1852 was daar by Bendigo alleen 50,000 goudsoekers. Dit was alles spoelgoud. In rivierbeddings, veral ou opgedroogdes, is die gruis uitgegrawe en skoon gewas, en die edele metaal is so as stof of korrels of selfs in groot stukke versamel. Ballarat het b.v. 'n „nugget'' opgelewer, wat 175 pond geweeg het. Later het geblyk dat die goud ook dieper lê, veral in ou onderaardse rivierbeddings, en groot maatskappye het kosbare masjinerie aangewend om myne te grawe, tot 2,000 voet diep, en om die goudbevattende rots- en gruislae fyn te stamp. Toe is die industrie in 'n minder romantiese vorm, maar nog met veel sukses voortgesit, en dit was maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

goed dat die „rushes'' nie te lank aangehou het nie; want hulle het tot ernstige ongereeldhede gelei (in 1854 was daar b.v. by Ballarat 'n bakleiery wat die dood van dertig goudgrawers gekos het), en die boerdery het sy beoefenaars nodig gehad. Soos dit was, het die vinnige vaart van die goud ontdekkings en die betreklike kort duurte van die „rush''-periode die gunstige uitwerking gehad, dat Australië veel kapitaal en ontsettend baie nuwe werkkragte gekry het om sy meer bestendige industrieë te ontwikkel.

### (j) Groei en Bloei.

In 1851 was die totale blanke bevolking van Australië, Tasmanië bygereken, ± 350,000, en hiervan was 190,000 in Nu-Suid-Wallis, byna 80,000 in Victoria en 50,000 in Suid-Australië. Tien jaar later het ons 'n totale syfer van 1,200,000, waar van 125,000 in Suid-Australië, 360,000 in Nu-Suid-Wallis en 550,000 in Victoria! Die dogter het dus die moeder ver oorvleuel. Die volgende syfers, wat die ekonomiese vooruitgang van die land aandui, verdien ons oorpeinsing: —

| | | | | Uitvoer | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1861 | Invoer | Uitvoer | Goud | Wol | Graan |
| N.-S.-W. | £ 6,400,000 | £ 5,600,000 | £ 2,000,000 | £ 1,800,000 | £ 94,000 |
| Victoria | £ 13,500,000 | £ 13,800.000 | £ 9,000,000 | £ 2,100,000 | |
| S.-A. | £ 2,000,000 | £ 2,000,000 | | £ 700,000 | £ 700,000 |

Getal Wolskape in 1861.

| | | |
|---|---|---|
| N.-S.-W. | 5,600,000 | Groot totaal 20,920,000! |
| Victoria | 6,240,000 | |
| Queensland | 4,100,000 | |
| S.-A. | 3,000,000 | |
| Tasmanië | 1,700,000 | |
| W.-A. | 280,000 | |

En ons moet daaraan dink dat Australië destyds ook die beesboerdery reeds op 'n groot skaal gedrywe het, baie ander industrieë en in Suid-Australië van die rykste kopermyne van die wêreld had. Ook moet nie vergeet word nie dat die immigrasiestroom, met die stootkrag en steun van die Australiese regerings daaragter, na 1861 sy sterk koers gehou het.

Dis om van te watertand! In 1861 het die totale uitvoer uit Suid-Afrika nog nie met dié van Suid-Australië alleen gelyk gestaan nie; eers by die sensus van 1911 oortref die blanke bevolking van die Unie die getal wat Australië in 1861 gehad het (1,276,000 teen 1,200,000); en in 1911 het ons eindelik ook ons wolskaapstapel verby die Australiese syfer van 1861 gebring



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

(± 22,000,000 teenoor ± 21,000,000). Maar dat die mens van brood alleen nie sal leef nie, is ook van volke waar, en ons het ons kompensasies. Ons naturelleprobleem het ons vooruitgang wel belemmer; dit het die duisende en nogmaals duisende landverhuisers, wat gedurende die neëntiende eeu nuwe woonplekke in die suidelike halfrond kom soek het, na ander lande laat kyk, waar onmeetlike gronde, uitstekend vir die boerdery geskik, oopgelê het; dit het ons binnelander wat sy geweer nie uit sy hand kon gee nie, lank daarvan afgehou om sy boerdery te intensiveer en te moderniseer; dit het die kapitalis wat graag sy geld in skape en grond in Australië gesteek en ontsaglik veel tot die vinnige ontwikkeling daar bygedra het, ja sommige van die kolonies selfs gestig het, eers veel later na Suid-Afrika laat omkyk; maar ons land met sy menigvuldige plae en probleme het ons geestelike rykdomme van onberekenbare waarde verskaf, onberekenbaar, want hulle kan nie in syfers uitgedruk word nie. Omdat ons boerevolk meer as 'n volk van boere moes wees, het dit so klein soos dit is, 'n ereplek in die ry van nasies gekry, helde en staatsmanne geproduseer, ons die moed gegee om met onbeukbare optimisme ons moeilikhede te trotseer en die toekoms van die beskawing in Suid-Afrika veilig te maak en veilig te hou. Ons geskiedenis is ryk en inspirerend; die Australiese bestaan grotendeels uit reekse van bevolkings- en produksiesyfers. Die Australiërs wys ook met trots na hulle ontdekkingsreise, maar die beroemdste van almal, dié van Burke en Wills, wat in 1860 Australië van suid na noord en terug deurkruis en die aanlê van 'n transkontinentale telegraaflyn voorberei het, kan op verre na nog nie, wat romantiese awentuurlikheid en menslike moed en uithouvermoë betref, met 'n enkele episode uit die Groot Trek-periode, soos b.v. die reis van die Trigardtmense, op één lyn gestel word nie.

## (k) Nu-Seeland.

Meer romanties is die geskiedenis van Nu-Seeland. Hierdie heerlike eilandgroep met sy fris en gesonde klimaat, pragtige reënval, trotse berge, waardevolle bosse en vrugbare valleie, was nie soos Australië feitlik leeg van inwoners, toe die blankes daar aangekom het nie. Baie jare voorheen het die betreklik hoogstaande geelkleurige en langharige ras, wat tot in Hawaii op die Suidsee-eilande verspreid woon en in hulle skilderagtige roeiskepskuite („paddle canoes'') lang seereise kon onderneem, ook die noordelike streke van Nu-Seeland beset, en hierdie Maories, soos



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die inboorlinge van Nu-Seeland genoem word, het in onderlinge stryd met mekaar hulle oorspronklike wrede en oorlogsugtige geaardheid, wat selfs tot kannibalisme ontaard het, behou, maar daarnaas ook die kunssin, meganiese vaardigheid en landboukundige kennis van hulle ras verder ontwikkel. Metale het hulle nie geken nie; maar van been en hout het hulle gevaarlike wapens gemaak; met die pyl en boog was hulle baie behendig; hulle gebakte kleipotte was mooi versier, asook hulle klere, van plante-vesels geweef; en hulle huise, tot dorpe verenig met tuine daarby, ofskoon van hout en riet gebou, was sierlik en taamlik ruim. Sterk en mooi van liggaamsbou en trots en onafhanklik van gees, het hierdie Maories in dorpe onder aparte hoofde gewoon en hulle volksvergaderings gehou om oor vrede en oorlog te besluit en hulle gesamentlike belange te behartig. 'n Gevaarlike volk hierdie, meer ontwikkeld as die Bantoe, ook vinniger van gees! En tog kon die Maories nooit vir die blankes in Nu-Seeland 'n gevaar word enigsins vergelykbaar met die swart wolk wat oor Suid-Afrika hang nie; hulle getalle was nie groot genoeg nie en het as gevolg van hulle eie oorloë en hulle kontak met die blankes afgeneem; tydens die koms van die eerste egte koloniste het hulle waarskynlik nie veel meer as 100,000 getel nie, en dertig jaar later was daar maar 50,000 van hulle oor teenoor 'n veel sterker en snel aangroeiende blanke bevolking.

Die bandiet het die kolonisasie van Australië begin; in Nu-Seeland was die sendeling en die handelaar die pioniers. Kort voor die end van die agtiende eeu het verskillende sendinggenootskappe, o.a. die Londense, hulle werk oor die eilande van die Suidsee begin uitbrei, en in 1814, onder aansporing van ds. Marsden van Sydney, vestig 'n paar verteenwoordigers van die Londense genootskap hulle aan die Nu-Seelandse kus by die Eilandbaai („Bay of Islands'') op Noord-Eiland. Hulle wou 'n end aan die onderlinge oorloë van die Maories maak, maar dit het hulle nie geluk nie, o.m. omdat handelaars uit Londen en Sydney met goeie wins gewere en ammuniesie aan die stamme verkoop in die tyd toe die Evangelie van vrede aan hulle gebring word. Daar was dus wrywing tussen Engelse handelaar en Engelse sendeling, en om sake nog meer ingewikkeld te maak, verskyn 'n Franse awenturier, De Thierry, wat uit Tahiti verskillende vergeefse pogings aanwend om 'n kolonie op Nu-Seeland te stig en deur Rooms-Katolieke sendelinge en eindelik in 1830 selfs deur die Franse regering gesteun word.

In 1832 stuur 'n aantal Maoriehoofde wat by die Eilandbaai gewoon het, onder beïnvloeding van die sendelinge daar, 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

petiesie aan die Britse minister van kolonies om beskerming teen 'n ander stam en teen 'n Engelse koopman-awenturier, Stewart, wat groot onluste veroorsaak. Taamlik huiwerend gelas Ripon toe die goewerneur van Sydney om 'n resident na die Engelse sendingstasie in Nu-Seeland te stuur, maar aangesien hy geen poliesie of militêre mag tot sy beskikking had, kon hy geen gesag uitoefen nie. In die tussentyd was die Wakefield-mense in Engeland besig om vir die kolonisasie van Nu-Seeland en die anneksasie van die eilandgroep deur die Britse regering propoganda te maak. Lord Ripon en sy kollegas was baie min geneig om meer koloniale verantwoordelikhede op hulle te neem, maar hulle hand is geforseer. De Thierry sit sy pogings voort, en kolonel Wakefield, 'n broer van die Australiër, verlaat Engeland met een duisend koloniste om die Franse voor te wees en die nuwe teorie van selfbetalende kolonisasie ook in Nu-Seeland toe te pas. Nou moes die Britse regering ook maar agterna kom, en die goewerneur van Nu-Suid-Wallis kry instruksies om 'n beampte te stuur om Nu-Seeland te annekseer en oor die uitdeling van grond die oog te hou. In 1839 kom hierdie persoon, Hobson was sy naam, by die Eilandbaai aan, tree deur die sendelinge met die Maorihoofde in verbinding en sluit met hulle in 1840 die beroemde verdrag van Waitangi. Die meer as 500 hoofde van Noord-Eiland erken die gesag van die Britse kroon, maar kry ook 'n waarborg dat hulle nie van hulle grond beroof sal word nie. Soortgelyke verdrae is met hoofde by „Cloudy Bay'' aan die noordkus van die Suid-Eiland en aan sy ooskus by die teenswoordige Christchurch gesluit. Die Britse opperheerskappy oor die hele Nu-Seeland is dus deur die Maories erken, en De Thierry wat kort hierna weer sy verskyning maak, dié slag nogal met 'n Franse oorlogskip, moes erken dat die Franse hulle kans verkyk het.

Nu-Seeland was geannekseer. Nou moes die kolonisasie begin — en die grondverdeling plaasvind. Kolonel Wakefield was intussen baie aktief gewees. Hy het vir gewere grond van die Maories geruil; en volgens hom was sowat 'n derde van Nu-Seeland se oppervlakte as gevolg van sy transaksies in die besit van die „New Zealand Company,'' wie se afgesant hy was. Fitzroy, die eerste goewerneur van Nu-Seeland, het hierdie buitensporige aanspraak nie bekragtig nie, maar Wakefield en sy mense het aan die suidkus van Noord-Eiland by die teenswoordige Wellington en skuins-teenoor op Suid-Eiland in die omgewing van Nelson, baie grond gekry, en die „New Zealand Company'' het sy grondruil voortgesit en altyd meer koloniste uitgestuur. Die Britse regering het in so ver bygespring, dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lord John Russell in 1840 die maatskappy Nu-Seelandse kroongrond (d.w.s. ope grond nie deur Maories bewoon nie) beloof het volgens die aantal koloniste wat die maatskappy uitstuur. Ook in ander dele van Nu-Seeland was koloniserende grondspekulante besig, en die Maories, in die engte gedrywe, het begin vra: „Wat dan van Waitangi?'' Die sendelinge het hulle gesteun, maar die koloniste van die Nu-Seeland-Maatskappy wou van „the humbugging treaty of Waitangi,'' soos hulle dit genoem het, niks weet nie. Die gevolg was oorlog, en Fitzroy was 'n taamlik magtelose toeskouer by die driehoekstryd tussen naturel en kolonis met die sendeling, die vriend van die naturel, in die middel, soos dit hom ook in Nu-Seeland afgespeel het. Dit was 'n tyd van ontsettende bloedvergieting, maar gelukkig het Nu-Seeland 'n goewerneur gekry wat in die wieg gelê was om kolonies uit moeilikhede te help en op die pad van voorspoed te bring.

Dit was sir George Grey. Hy het reeds in Australië sy spore verdien, eers as 'n ontdekkingsreisiger en daarna as goewerneur van Victoria, toe dié kolonie as gevolg van die groot grondspekulasies in ellende en skuld gedompel was. Hy het sake in Victoria reggemaak, en in 1845 kom hy in Nu-Seeland aan om sy goeie werk hier voort te sit. Eers moes die opstand van die Maories neergeslaan word, en hy het nie ontsien om sonder baie mooipraatjies dit so vinnig soos moontlik met al die militêre magte tot sy beskikking te doen nie; maar toe die oorlog verby was, het hy weer getoon dat hy in die eerste plek 'n staatsman was en nie 'n vegter alleen nie. Die onderlinge vetes van die Maories en die verkoop van drank en gewere aan hulle is streng verbied, en die verbod is gehandhaaf. Terselfdertyd is gesorg dat hulle genoeg grond kry om op te woon, en die hele ingewikkelde grondkwessie is deur duidelike koopverdrae opgelos. Daar was trouens voldoende grond vir al die Maories en die koloniste en vir honderd-duisende meer.

Grey het die respek en die vertroue van die Maories gewen, omdat hy opreg en billik teenoor hulle was en hom in hulle sienswyse probeer indink het. Hy het selfs gesê: „I soon perceived that I could neither govern nor conciliate a people with whose languages, customs, religion and modes of thought, I was unacquainted,'' en hy het dus hulle taal geleer, hulle gewoontes en tradiesies bestudeer en hulle beskouings in direkte omgang met hulle probeer agterkom. Sy sukses was merkwaardig. Een van die bitterste vyande van die Engelse, die groot opperhoof Rauparaha, het na hom opgesien as 'n vader en in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

1849 sy merk bo-aan 'n petiesie aan koningin Victoria gemaak om hom lewenslank in sy amp te laat.

Grey het die kroon op sy werk gesit deur 'n konstitusie vir Nu-Seeland te help opstel. Sy naamgenoot, die minister van kolonies in Engeland, wou nes vir Australië ook hier van bo af 'n grondwet op die koloniste afdwing. Sir George Grey het hom beweeg om sy plan te laat val en die Nu-Seelanders die kans te gee om self te besluit hoe hulle hulself wil regeer. Om die pad daarvoor skoon te maak, is die Nu-Seeland-Maatskappy in 1852 ontbind, en in dieselfde jaar het die Britse parlement die nuwe konstitusie goedgekeur. Daarvolgens is die eilandgroep in ses provinsies verdeel: Auckland, New Plymouth, Wellington, Nelson, Canterbury en Otago, met 'n superintendent en gekose prowinsiale raad oor elkeen om lokale aangeleenthede te behartig, terwyl vir almal saam 'n parlement, bestaande uit twee kamers ingerig is, en sir George Grey kon nog net voor sy vertrek na Suid-Afrika hierdie grondwet op 5 Maart 1853 proklameer.

Nu-Seeland het verder verbasend vinnig ontwikkel. 'n Langdurige oorlog met die Maories wat teen die end van die jaar 1850 uitgebreek het, was nie in staat om veel afbreuk daaraan te doen nie. Die Maories was op slot van sake die lydende party, want hulle getalle is baie uitgedun. Steenkool, goud en ander minerale is ontdek en industrieë het opgekom, maar veral die boerdery het in hierdie geseënde land, waar droogtes onbekend is, 'n geweldige opgang gemaak. In 1861 bereik die getalsterkte van die blankes reeds byna die 100,000, en tien jaar later staan hulle op 'n kwartmiljoen, terwyl die Maories toe al onder die 50,000 was. Aan wol is in 1870 uitgevoer 'n waarde van byna £2,000,000, aan graan £138,000 en aan goud £2,200,000. Nu-Seeland was gelukkig met die klas van koloniste wat daarheen gegaan het. Vir die grootste gedeelte was dit mense van die fatsoenlike middelstand, wat oor genoeg kapitaal beskik het om gou op hulle eie bene te staan en om hulle bedrywe uit te brei.

Edward Gibbon Wakefield het in sy beroemde brosjure die stelling verdedig dat die kolonies uitbreidings van Engeland moet wees, met dieselfde instellings en geestelike atmosfeer. Nu-Seeland het naaste aan sy ideaal gekom. Dis deur en deur Brits van gevoel; dis 'n stuk van Brittanje in die suidelike halfrond, waar onder soortgelyke klimatiese en geografiese omstandighede die Engelse taal en tradiesies suiwer gehandhaaf en voortgeplant word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## § 5. Eindelik.

Eindelik is ons dan weer in staat om na ons eie land terug te keer, maar laat ons die lang voorafgaande uitweiding oor ander lande nie onnodig ag nie. Veral met die oog op die belangrikheid van die gebeurtenisse in ons geskiedenis wat nou volg, was dit baie noodsaaklik om 'n besef te kry van hulle woord van die tyd was, toe Hollandssprekende Afrikaners hier van die Groot Trek in. Ons sal daaraan dink dat, terwyl die Voortrekker hier vir ons 'n kostelike erfenis deur die romantiek van die daad opgebou het, Europa in die romantiek van die gees geswelg het. Ons sal onthou dat nasionalisme 'n wagwoord van die tyd was, toe Hollandssprekende Afrikaners hier besig was om onafhanklike state te stig. Ons sal nie uit die oog verloor nie dat, terwyl die pioniers van die Europese beskawing in Suid-Afrika die grense van die witman se heerskappy tot aan die Limpopo uitbrei, ander pioniers soortgelyke werk met meer gemak en op 'n veel groter skaal in Amerika en die Suidsee-lande gedaan het. En laat ons veral goed in ons geheue vashou die wese van die Britse liberalisme in hierdie tyd, die geestestoestand en strewe van lord Grey en lord John Russell en van die groot Engelse middelstand wat agter hulle gestaan het, en op slot van sake verantwoordelik was vir die politiek wat Engeland teenoor Suid-Afrika gevolg het. Tevrede met die welstand wat die Industriële Omwenteling aan Brittanje en veral aan hulle verskaf het, kon hulle dit bekostig om liberaal en sentimenteel te wees.

Tennyson se romantiese gedigte was net na hulle smaak, en met Dickens, wat hulle oë beter oopgemaak het vir die ellende en maatskaplike leemtes in Engeland, het hulle ook gedweep, want sy heerlike humor en optimisme was verfrissend, en hulle was dit op slot van sake met hom eens dat daar baie dinge in Engeland was wat verbeter moes word, die onderwys, b.v., die tronk- en justisieswese, ens. Carlyle se magtige roepstem het hulle enigsins geskok; in sy *Geskiedenis van die Franse Omwenteling,* sy *Sartor Resartus,* sy *Helde-Verering,* sy lewens- van Cromwell en Frederik die Grote het hy die oppervlakkigheid en selfsug van so baie selfvergenoegde, fatsoenlike middelslag mense aan die kaak gestel en die wortels van alle ware vooruitgang gaan soek in die onstuimige geweld van die massas en in die innerlike eerlikheid en krag van die genie; maar die heersende klasse in Engeland het hierdie woeste en pessimistiese Skot nie te ernstig opgevat nie. Van hulle standpunt uit is dit ook begryplik dat hulle geen rede gesien het om beskaamd



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

of pessimisties te wees nie. Brittanje was tog ryk, liberaal en onselfsugtig! Die Britse regering het nie na die uitbreiding van die ryksgrense gestreef nie, was prinsipiëel daarteen om groter koloniale verantwoordelikhede op sy skouers te neem (in hierdie gees het 'n Britse parlementêre kommissie nog in die begin van die jare '60 gerapporteer), en was bereid om aan die Britse volksverhuisers, wat in onkeerbare strome die nuwe oorsese gebiede ingetrek het, selfbestuur te gee, al sou dit ook beteken dat dié groot kolonies uiteindelik onafhanklike state word. Niemand minder as die eerste minister van Groot-Brittanje, lord John Russell, het in 1850, toe die kwessie van Australiese en Nu-Seelandse selfregering in die Britse parlement onder behandeling was, ongeveer die volgende gesê: „Ons moet die kolonies in staat stel om hulself te regeer, en as hulle dan eendag, soos ek verwag, so sterk en selfstandig is dat hulle van Engeland afskei, dan moet dit maar so wees, en ons sal ons met die gedagte kan troos dat ons tot die geluk van die wêreld bygedra het.''

Ook die Kaapkolonie sal uit die hand van die Britse liberale 'n parlement en uiteindelik verantwoordelike selfbestuur ontvang, maar teenoor Suid-Afrika word hulle vrygewigheid, hulle politiek van *laissez faire*, deur hulle sentimentele filantrope sterk in bedwang gehou. Dit was mos hulle besondere roeping om verongelykte naturelle teen die mishandeling van vreemdes te beskerm. So kon dit dan ook gebeur dat in die tydperk van die liberale heerskappy in Engeland, Britse negrofilisme meer onheile en ontevredenheid in Suid-Afrika verwek het, as wat Britse liberalisme hier kon vergoed.

En tot slot nog net dit: Die Engelse liberale, hoe idealisties en onselfsugtig hulle ook mag gewees het, was nie gereed om ander nasies toe te laat om naby hulle eie kolonies gebied in besit te neem nie, en naas 'n teer hart vir slawe en barbare het hulle ook 'n sterk besigheidsinstink daarop nagehou. Ons het opgelet hoe besorg die Britse regering was om die Franse uit Australië en Nu-Seeland te hou; en ons sal nog sien hoe die verskyning van buitelandse handelskepe aan die kus van die Boere-republiek in Natal bygedra het tot die Britse anneksasie daarvan. Die uitstaande voorbeeld van hoe 'n liberale ministerie in hierdie tyd, selfs in stryd met humane beginsels, die belange van die Britse handel behartig het, was die Opium-oorlog van 1839—1842. Die keiser van Sjiena het in 1836 'n verbod teen die invoer en gebruik van opium in sy ryk uitgevaardig. Vir die Britse handelaars wat baie geld uit die oosterse opiumhandel gemaak het, was dit 'n groot slag; en toe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die Sjienese goewerneur van Kanton onder die keiserlike verbod drasties opgetree het om 'n end aan die insmokkel van opium te maak en 28,000 kiste van die verbode artiekel met 'n waarde van £4,000,000 konfiskeer en vernietig, het 'n oorlog tussen Engeland en Sjiena uitgebreek. 'n Liberale regering het die opiumhandelaars gesteun, en die konserwatiewe onder Peel wat in 1841 aan die bewind gekom het, kon die twyfelagtige vreugde smaak om die Sjienese tot 'n vrede te dwing wat Hongkong aan Engeland oorgelewer en die opiuminvoer in Sjiena laat voortbestaan het.

Teenoor hierdie onaangename geskiedenis kan egter gestel word die werklike onselfsugtige houding van die Britse fabriekbase en arbeiders, toe die Amerikaanse burgeroorlog, waaroor later meer, uitgebreek het. Hulle het bitter swaar gekry, omdat die katoentoevoer uit die suidelike state deur die blokade van die noordelike state afgesny was, maar hulle het geesdriftig met die noordelike state gesimpatiseer, omdat hulle vir die afskaffing van die slawerny in die hele republiek geveg het. Ons sien dus dat die Britse liberale, soos alle mense, hulle swakhede en deugde had, en waar ons dit nodig geag het om ook op hulle swakhede te wys, was dit nie om die Britse volk in die liberale tydperk swart te smeer nie, nie om ons eie volk as onberispelik voor te hou nie, maar alleen om die gees van die Britse politiek te begryp, en om so ook ons eie geskiedenis, wat so sterk daardeur beïnvloed is, te verstaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK V.

## DIE NUWE KOERS IN SUID-AFRIKA.

### § 1. Die Eerste Tekens.

Lord Charles Somerset het in 1826 die Kaap verlaat, en ofskoon hy nog 'n twee jaar lank die goewerneurstietel behou het, was sy afskeid van Suid-Afrika finaal. Die luitenant-goewerneur, generaal Bourke, het tot 1828 sy plek ingeneem. Daarna was sir Lowry Cole goewerneur van 1828 tot 1833.

Onder Bourke is die laaste ingrypende maatreël van die Tory-regime, nl. die afskaffing van die heemrade deur die „Charter of Justice," wat in Januarie 1828 in werking getree het, deurgevoer. Die konserwatiewe reaksie bereik hiermee in 'n sekere sin op konstitusionele gebied sy hoogtepunt in Suid-Afrika; en in dieselfde tyd begin die toenemende liberale invloede in die Britse regeringskringe die Kaapse koloniste van 'n ander kant te benadeel. Die heerskappy van dr. Philip, wat geen vriend van Somerset was nie, het onder Bourke aangebreek.

Dr. Philip is in 1775 as die seun van 'n skoolmeester in Skotland gebore. Hy het 'n winkelklerk geword, maar sy belangstelling het in 'n ander rigting gelê. Hy voel hom op sy gelukkigste as hy in godsdienstige vergaderings die woord kan voer, en hy maak heeltemal 'n naam vir homself as „prediker" in sy omgewing. In 1804 vestig hy hom 'n tyd in Aberdeen, en met min moeite en 'n bietjie geld verkry hy hier van 'n Amerikaanse universiteit die doktorsgraad in die teologie *in absentia*. Nou begeef ons geleerde vriend hom na Londen, waar hy hom met die Londense Sendinggenootskap in verbinding stel, en met ds. John Campbell word hy afgevaardig om die sendingstasies van die L.S.G. in Suid-Afrika te inspekteer. Op 26 Februarie 1819 kom hy in Kaapstad aan en vertoon al dadelik die buitengewone energie wat sy grootste deug was. Hy raak, na 'n kort tydjie van vriendskaplike samewerking, met Cuyler oorhoop, ook met Donkin en Somerset, en word selfs deur ds. Andrew Murray van Graaff-Reinet as 'n verdraaier van die waarheid opsy gestoot; maar sy tyd was aan die kom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In 1822 word hy tot superintendent van die L.S.G. in Suid-Afrika aangestel. In 1826, na 'n lang reis in die binneland, gaan hy op besoek na Engeland, waar hy 'n lang klaagrapport aan Bathurst, die minister van kolonies submitteer. Ofskoon hy geen bevredigende antwoord van die minister kry nie, maak hy indruk op die filantropiese kringe in Engeland, en toe sy groot werk, *Researches in Suid-Afrika,* in April 1828 verskyn, was al die vriende van die gekleurde broeders in rep en roer. Hulle was oortuig dat iets gedaan moes word om hierdie verongelyktes, nie meer alleen teen die boere nie, maar ook teen die Kaapse beamptes te beskerm. Was dit dan nie b.v. duidelik dat die landdros van Uitenhage deur „forced labour'' slawe van die Hottentots maak nie? Dat hierdie beskuldiging van Philip deur drie Kaapse regters, Wylde, Burton en Menzies, as 'n lasterlike leuen bestempel is, en dat sy boek van soortgelyke onjuisthede gewemel het, kon die invloed daarvan onder die dwepers in Engeland nie verminder nie; en die ergste was dat hulle getalle, veral onder die heersende kringe, juis destyds sterk toegeneem het. Dit was die tyd van die nuwe liberale ontwaking.

'n Reeks van drastiese regulasies om die slawe teen mishandeling te vrywaar, was een van die gevolge hiervan in Suid-Afrika, maar daaroor later. Ook die Kaffer het 'n „vryer'' lug voel waai. Bourke, wat onder filantropiese beïnvloeding na die negrofilistiese kant oorgeslaan het, gelas in 1826 die grenskommandant, kolonel Somerset, die bekende seun van sy voorganger, om niemand meer toe te laat om vee uit Kafferland te gaan haal nie; die militêre ekspedisies moes gestaak word; die „reprisal system'' moes verdwyn. Selfs Bathurst was verbaas oor Bourke se optree. Hy skryf aan hom: „As you have not informed me of the measures which you are taking to indemnify the Borderers for the loss of the cattle or to punish the Caffres who may steal them, I can only express my hope that you have made this change after due inquiry;'' maar by hierdie vroom hoop het dit ook voorlopig gebly, en dit was weer vry-steel op die grens.

Die pad vir die jong Kaffer om sy manlikheid te toon en onder die witman se beeste die koopsom vir sy bruid (*lobola*) te kom ontvang, is nog wyer oopgemaak. Deur Ordonnansie nommer 49 herroep Bourke al die wette wat die Kaffers belet om oor die grens te kom. Almal was hartlik welkom — met of sonder passe! „*Laissez faire, laissez passer*'' was die leuse — vir die Kaffer. En nou ook vir die Hottentot!

Die beperkings wat Caledon en Cradock op die vryheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van beweging van die Hottentots gelê het, het hulle welsyn beoog. Die doel daarvan was om die ronddwalers te dwing om vaste woonplekke te kry en om daar deur handewerk op die eerste beskawingstrap te kom. Dit was 'n politiek wat selfs Van der Kemp, as hy konsekwent was, moes ondersteun het, want hy het eenmaal in 'n nugter oomblik gesê: „Een van die byna onoorkomelike hinderpale in die vooruitgang van die Hottentots tot 'n beskaafde toestand is hulle ingebore luiheid en neiging om rond te dwaal,'' maar Van der Kemp se leer was nie in ooreenstemming met hierdie bevinding nie, en sy opvolgers het hulle verset teen Caledon en Cradock se Hottentotpolitiek nie laat vaar nie. Nou sou hulle ook op hierdie punt hulle sin kry.

Op 15 Julie 1928 sê 'n vooraanstaande filantroop, Buxton, in die Britse parlement: as iemand wil weet hoe die gekleurdes in die Kaapkolonie mishandel word, dan verdien 'n pas verskene publikasie, dr. Philip se *Researches in South Africa,* hulle aandag, „a work which at the same time displayed great colonial knowledge end exhibited a strong picture of the injuries which the natives were sustaining''; en hy stel voor: „That His Majesty be humbly solicited to cause such instructions to be sent to the Colony of the Cape of Good Hope, as should most effect ually secure to all the natives of South Africa the same freedom and protection as are enjoyed by other free people of that Colony, whether English or Dutch.''

Die minister van kolonies in die kabinet van Wellington verenig hom met hierdie mosie, en dit word aangeneem, maar dit was selfs nie meer nodig nie, want in Suid-Afrika het Philip en sy mense reeds soveel invloed gehad dat die Kaapse regering twee dae na Buxton se toespraak 'n ordonnonsie uitgevaardig het wat selfs vir hom sou bevredig. Dit was die beroemde „Ordinance No. 50.'' Daarvolgens mog geen vrye bewoner van die Kaapkolonie op grond van kleur in sy of haar bewegingsvryheid, residensie, lewenswyse of werk beperk of tot arbeid gedwing word nie, en kry die vrye gekleurdes as gewone burgers ook die reg om grond onder transport te besit. Die inboekstelsel vir Hottentotkinders word wel behou, maar spesiale voorsiening word gemaak om hulle te beskerm, asook om gekleurdes teen onderdrukking as gevolg van onbillike huurkontrakte te vrywaar. Philip was natuurlik hoog in sy skik met hierdie ordonnansie. Al wat hy nog daaraan laat toevoeg het, was 'n bepaling dat dit nie sonder die toestemming van die Britse regering gewysig mag word nie.

Ons moet ons in die toestand en gedagtegang van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

koloniste indink in die tyd toe die Vyftigste Ordonnansie verskyn het, om die uitwerking en indruk daarvan te begryp — veral in die oostelike distrikte. Opnuut blootgestel aan die steelsug van die Kaffers, was hulle ook nou weer oorgelewer aan die menigvuldige kwellings wat die ronddolende Hottentots veroorsaak het, en hulle moes glo dat die regering in die eerste plek daar was om die gekleurdes te beskerm. Die kragtige pioniers van die binneland het gevoel dat daar vir hulle en hulle belange geen simpatie meer was by die hoë here in Kaapstad en Londen nie, en die behandeling van die slawekwessie het hulle in hierdie oortuiging versterk.

## § 2. Die Vrystelling van die Slawe.

Sir Benjamin D'Urban, wat in 1834 goewerneur aan die Kaap geword het, was spesiaal gelas om die emansipasie van die slawe deur te voer. Voor sy koms egter het die slawekwessie reeds 'n lang lydingsgeskiedenis vir die slawe-eienaar opgelewer. Ons herinner ons dat selfs Barrow erken het dat die slawe aan die Kaap oor die algemeen fatsoenlik behandel is; ook lord Charles Somerset het in sy tyd beweer, „that no portion of the community is better off or happier perhaps than the domestic slave in South Africa,'' en ons weet dat die slawe 'n kosbare en gewaardeerde onderdeel van die groot Afrikaanse huishoudings in die westelike distrikte van die Kolonie, waar die groot meerderheid van hulle te vind was, uitgemaak het.

Dat die slawerny as instelling nie meer baie lank kon voortduur nie, was egter die betreklik algemene gevoel van die koloniste; hulle was ook bewus van die gees van die tyd; en daar was 'n goeie kans om sonder veel teenkanting geleidelike emansipasie in Suid-Afrika in te voer. Die Bataafse regering, as die twede Britse verowering nie plaasgevind het nie, sou seker 'n begin daarmee en 'n sukses daarvan gemaak het, want dit was De Mist se plan om alle slawekinders by geboorte vry te verklaar. Ongelukkig is hierdie politiek nie deur die Britse bewindvoerders na 1806 gevolg nie; die verdere invoer van slawe is na 1807 verbied, maar pleks van geleidelike vrystelling verskyn langsamerhand allerhande regulasies om die mag van die slawe-eienaars in te kort, en hierdie regulasies het na die nuwe ontwaking van die Britse liberalisme hoe langer hoe tergender vir die koloniste geword. Dis hulle kumulatiewe werking wat in die eerste plek die slawe-eienaars so verbitter het.

In 1816 verskyn 'n proklamasie van Somerset dat alle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

slawe geregistreer moet word. Hy wou die moontlikheid van inheemse verslawing en van insmokkeling voorkom, en sy maatreël het geen ontevredenheid verwek nie. In 1823 volg 'n verdere proklamasie van Somerset, wat op las van die Britse regering uitgevaardig is. Dit het o.a. die indiwiduele vrystelling van slawe vergemaklik, skoolplig vir slawekinders in stede en dorpe ingevoer, slawe-huwelike moontlik gemaak, die aparte verkoop van slawe-famielies verbied, die tug van die slawe-eienaars beperk, en die werkure van die slawe op 10 in die winter en 12 in die somer vasgestel. Sulke werkure vergelyk nogal gunstig met wat die fabrieksbase destyds van vroue en kinders in Engeland geëis het, maar dit daargelate kan ons sê dat ook hierdie proklamasie in 'n goeie gees aan die Kaap opgeneem is. Dit het trouens nie veel meer voorregte aan die slawe gegee as wat hulle reeds besit het nie.

In hierdie tyd stel Somerset aan die Britse regering voor om geleidelike vrystelling in Suid-Afrika in te voer. Hieraan is egter geen uitvoering gegee nie, omdat die totaal-afskaffers reeds veel invloed in Engeland had en in afwagting op die groot stap in die tussentyd die slawe teen mishandeling wou beskerm. So neem die slawe-politiek van die Britse regering meer en meer 'n vorm aan wat vir die Suid-Afrikaanse koloniste 'n belediging en 'n terging was.

Die groot fout was dat die Britse regering die Afrikaanse en die Wes-Indiese slawe-eienaars altyd oor één kam geskeer het. Op die Wes-Indiese plantasies is die slawe werklik gruwelik mishandel; maar soos ons weet was dit nie die geval hier nie. Die filantrope wou dit natuurlik nie glo nie. Hoe kon die wrede Boer anders as wreed teenoor sy slawe wees? In Junie 1826 moes Bourke op bevel uit Engeland daartoe oorgaan om 'n „Slave Protector" in Kaapstad aan te stel en „Assistant Protectors" in die distrikte, en die slawe is aangemoedig om hulle klagtes na hierdie beskermhere te bring. So sterk was die gevoel teen hierdie maatreël dat die burgerlike lede van die Burgersenaat in Kaapstad en die Heemrade in Stellenbosch geweier het om by die aflees van die ordonnansie teenwoordig te wees; en in Julie 1826 vind 'n publieke vergadering in Kaapstad plaas, waarby 'n besluit ten gunste van gestadige emansipasie aangeneem is, maar die regering versoek is om die gesag van die slawe-eienaars nie verder te verminder nie. In Oktober 1826 besluit 'n vergadering van slawe-eienaars in Graaff-Reinet ook unaniem ten gunste van vrystelling van alle vroulike slawekinders by geboorte, sonder vergoeding aan die eienaars, terwyl 'n verdere voorstel dat ook manlike slawekinders by geboorte



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vry moes wees, maar met vergoeding, deur 'n meerderheid aangeneem is. Ook van hierdie besluite, wat 'n redelike basis vir die oplossing van die slawe-vraagstuk aangebied het, is geen notiesie deur die Britse regering geneem nie, en nog tergender regulasies het gevolg.

In Augustus 1830 is 'n Britse kabinetsorder van 2 Februarie 1830 aan die Kaap bekend gemaak. Die strekking daarvan was om alle slawe-wette in die Britse kolonies te konsolideer. Daar was noukeurige bepalings aangaande arbeidsure, kos, ens., en in klousule 26 is vasgelê dat elke slawe-eienaar 'n strafboek daarop moes nahou, waarin hy duidelik moes opteken welke strawwe hy aan sy slawe uitdeel, en wat hy tweemaal per jaar aan die slawebeskermers moes kom voorlê. Nou was die opskudding onder die koloniste al baie groot. In Stellenbosch het 'n paar papbroekige slawe-eienaars in April 1831 met hulle strafboeke na die assistent-beskermheer gestap, maar hulle is deur 'n oploop van mense uitgejou, met modder begooi en teruggeja. Die goewerneur, sir Lowry Cole, wat veel meer simpatiek teenoor die koloniste gestaan het as generaal Bourke, het by die Britse regering vir hulle ingetree, en in Februarie 1832 kon hy bekend maak dat strafboeke alleen van mense wat in Kaapstad, Grahamstad of binne twintig myl daarvan woon, geëis sou word. Ongelukkig is gelyk met hierdie gedeeltelike verligting alweer 'n nuwe Britse kabinetsorder aan die Kaap geproklameer. Daarvolgens is die arbeidsure van die slawe tot nege per dag beperk (6 v.m. tot 6 n.m. met drie uur af vir maaltye en rus), en die slawe-beskermhere is gemagtig en gelas om op alle tye te gaan kyk hoe dit met die slawe op die plase en elders gaan, hoe hulle woonplekke ingerig is, ens.

Hierdie regulasies is natuurlik weer met die oog op die Wes-Indiese plantasiebesitters uitgevaardig, maar die Afrikaanse boer moes ook daaronder kom, en hy het hom nie meer baas op sy eie plaas of in sy eie huis gevoel nie. As hy geweet het dat die vasgestelde arbeidsure vir slawe nou veel minder was as wat van kinders en vroue in fabrieke en myne in Engeland geëis is, sou sy opgewondenheid nog hoër geloop het, maar dit kon skaars groter word. So warm was die gemoedere, dat Cole publieke vergaderings verbied het. Die meerderheid in sy raad het hom hierin nie gesteun nie, maar hy kon mos ook teen hulle wense sy wil deursit. Eindelik trek die goewerneur sy verbod terug, en op 17 September 1832 hou twee duisend slawe-eienaars 'n protesvergadering in Kaapstad. Die verrigtings is deur die grootste ordelikheid gekenmerk, maar die verset teen die inmengingspolitiek van die Britse regering was baie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

beslis. Dit was aan almal duidelik dat al die moeilikhede hulle ontstaan te danke had aan die feit dat mense wat duisende myle ver woon en die Suid-Afrikaanse toestande nie ken nie, vir die koloniste wette maak; en een van die besluite wat aangeneem is, was dan ook dat as 'n gekose wetgewende raad aan die Kaap ingestel word, die koloniste gewillig is om self die afskaffing van die slawerny te bewerkstellig. Cole se antwoord was dat hy niks kon doen nie; die „Orders in Council'' moes uitgevoer word, en die mense moes maar sien kom klaar.

Dis byna as 'n verligting gevoel, toe eindelik bekend gemaak is dat die Britse parlement in Augustus 1833 besluit het, dat daar na 1 Desember 1834 geen slawerny meer in die Britse kolonies mag bestaan nie. Ook die verdere bepaling dat die gewese slawe na dié datum nog vir 'n vier of ses jaar by hulle base sou ingeboek bly, en die vasstelling van die bedrag vir kompensasie op £20,000,000 het meegewerk om die pil te versoet.

Sir Benjamin D'Urban moes dadelik na sy aankoms die vrystellingswet begin uitvoer. Kommissarisse is aangestel om te ondersoek, presies hoeveel slawe aan die Kaap is, en waarvoor hulle gewaardeer moet word. Hulle rapporteer dat die gevraagde syfers op 30 November 1834 as volg is: 39,021 slawe met 'n waarde van £3,041,290. Op 1 Desember 1834 is die slawerny dan afgeskaf, en daar was groot gejuig onder die filantrope. Die inboeksisteem wat op vier jaar vasgestel is, het dadelik begin, en spesiale beamptes is benoem om oor die belange van die „apprentices'' te waak.

Die slawe-eienaars was natuurlik nie tevrede nie; maar hulle was bereid om by die onvermydelike te berus; en die hele emansipasie-kwessie sou geen verdere verbittering verwek het nie, as die enduitslag daarvan nie so onverwag-teleurstellend was nie. Teen die middel van 1835 kom die berig dat uit die kompensasiesom slegs £1,247,401 vir die Kaap beskikbaar is, en later word nog bekend gemaak dat alle uitbetalings in Londen sou geskied, waar elke eis voor kommissarisse bewys moes word, en dat nie kontant geld nie, maar Britse 3½ per sent staatspapiere die uitbetalingsmedium sou wees. Buitendien sou alle administratiewe koste aan die vrystelling verbind, van die kompensasiegeld afgetrek word, en op elke eis moes seëls vir 30/- gesit word. Hierdie nuus het 'n ware paniek aan die Kaap veroorsaak; baie verbande is opgeroep; en oorsese agente en spekulateurs het die ongeleentheid en verwarring van koloniste uitgebuit. Baie slawe-eienaars het dus slegs één-vyfde en selfs minder van die kapitale waarde van hulle slawe gekry. Vermoënde families is verarm; en veral die groot patriargale huis-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

houdings van die Boland het 'n knak gekry wat baie nooit weer te bo gekom het nie; maar ook die binnelanders en grensboere het gely. Hulle het wel veel minder kapitaal in slawe belê gehad as die landbouers van die westelike distrikte, maar daar was ook aansienlike slawe-eienaars onder hulle. Toe Piet Retief b.v. in 1824 bankrot gegaan het en sy boedel in Grahamstad opgeveil is, het sy slawe en slavinne 12,050 riksdalers uit 'n groot-totaal van 31,556 riksdalers opgebring. Wat die meeste bitterheid onder die koloniste verwek het, was miskien nog die toon wat die filantrope ingeslaan het. Geen woord van simpatie vir dié mense wat byna tot die bedelstaf gebring is, het hulle ontglip nie. Inteendeel, die slawe-eienaars is uitgejou as onderdrukkers wat eindelik hulle verdiende loon gekry het, en die grootmoedigheid van die Britse publiek, wat £20,000,000 uit sy eie sak gehaal het om misdadigers mee te vergoed, is hoog geroem.

Dr. Philip en sy trawante, o.a. Fairbairn van die *Commercial Advertiser,* het nie daaraan gedink nie dat die verguisde slawe-eienaars in Suid-Afrika ook bereid gewees het om 'n end aan die slawerny te maak, en op 'n manier wat die Britse publiek geen pennie sou gekos het nie; maar, soos ons eenmaal al opgemerk het, mense wat goeie bedoelings het, kan so oortuig wees dat hulle 'n monopolie daarvan besit, dat hulle vir alle voorstelle wat nie van hulle kom nie, blind is, en teenoor hulle opponente 'n hardvogtigheid aan die dag lê wat erger is as dié van 'n despoot.

In die tussentyd is ook 'n ander verwagting van die koloniste verydel. Hulle het gemeen dat stappe sou gedaan word om die bekende neiging van die vergrote, vrye gekleurde bevolking tot ronddwaal enigsins onder kontrole te hou. Cole het reeds die noodsaaklikheid van 'n wet teen leeglopery ingesien, en D'Urban het in Mei 1834 'n ontwerpordonnansie met so 'n strekking voor sy wetgewende raad gelê. Dr. Philip en die *Commercial Advertiser* het natuurlik dadelik 'n kontra-agitasie op tou gesit, en D'Urban het dit veiliger geag om die behandeling van sy voorstelle op te skort, totdat hy van sy siviele kommissarisse en regters advies kon kry. Die eersgenoemdes het met één uitsondering daarop aangedring dat 'n wet teen leeglopery ingevoer moes word; „they declared their conviction that a vagrant act was necessary for the welfare of the coloured people themselves, inasmuch as those who were inclined to be industrious were impoverished by idle acquaintances; and they asserted their belief that such an act was urgently required for the protection of the farmers.''



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die regters rapporteer egter dat, hoewel leeglopery volgens die ou Hollandse wette strafbaar was, „no law for the suppression of vagrancy could be carried into effectual operation in respect of Hottentots or other free persons of colour lawfully residing in this Colony, so long as the second section of Ordinance Number 50 stood unrepealed.''

Dus, blanke leeglopery kon gestraf word maar teen die gekleurdes was in hierdie opsig nou niks meer te doen nie. Nieteenstaande hierdie juriediese bevinding het die meerderheid van die wetgewende raad vir 'n ordonnansie teen leeglopery gestem. D'Urban het egter geweier om dit te bekragtig, en hy het dit na Engeland gestuur, waar dit natuurlik deur die minister van kolonies geveto is.

Tragies is dit werklik om daaraan te dink dat toe die boere in Australië en Kanada, ruim voorsien van kapitaal, ongestoord hulle plase kon uitbrei en ontwikkel, die Suid-Afrikaanse koloniste, skraal voorsien van geld soos hulle was, 'n groot deel van hulle kapitaal verloor het, en dat hulle, finansiëel verswak, aan die moeilikhede wat 'n ronddolende kleurlingbevolking veroorsaak, blootgestel is; en wat nog erger was, dat hulle weer veel van die Kaffers moes verduur, soos ons nou sal sien.

## § 3. Die Kafferoorlog van 1834 — 35.

Die toenemende onrus en diewery op die oosgrens het sir Lowry Cole oortuig dat Bourke se grenspolitiek verkeerd was, en in 1829 is bepaal dat militêre ekspediesies weer oor die grens kon gaan om gesteelde beeste te haal, maar geen Kafferbeeste mag gebuit word nie. Ons is dus weer terug by die politiek wat onder Cradock probeer is en 'n mislukking geblyk het. Hierdie weifelende houding van die regering het 'n slegte indruk op die Kaffers gemaak, en dat hulle onbelemmerd in die neutrale gebied kon kom woon, was vir hulle 'n verder bewys van die witman se swakheid. Die dood van Gaika en Slambie in hierdie tyd het die onrus onder die westelike Kosas nie verminder nie. Sandielie, die opvolger van Gaika, was nog maar 'n seun, en sy moeder, Soetoe, het 'n tydlank as regentes opgetree; en die verspreide Rarabegroepe het soos voorheen 'n onafhanklike bestaan gevoer en, soos ou Koengwa van vroeër, „gaan heuning eet,'' waar die koeke vet was.

So vestig b.v. Makoma, 'n seun van Gaika, hom by die Katrivier onder die Winterberg, en gee die boere van Tarka en Cradock baie sonde. Hier het Cole ingegryp. 'n Kommando is teen Makoma gestuur, en hy is teruggedryf, maar die boere



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

is nie toegelaat om die Katrivier-streek, waarna hulle al lank met verlangende oë gekyk het, te beset nie. Dis aan 'n aantal van die swerwende Hottentots gegee om hulle van hulle aangebore swakheid te genees, 'n plan wat hier nogal met sukses bekroon is. Cole het ook probeer om 'n end daaraan te maak, dat die Kaffers onbelemmerd oor die grens van die Kolonie kom. Hy het hulle weer verplig om passe te dra. Wie nie 'n pas kon wys nie, moes gearresteer word. Dit was ook die hoogste tyd, want toe die goewerneur nog in dieselfde jaar, 1829, 'n besoek aan die grens bring, vind hy dat daar in die afgelope vyf maande 5,000 stuks vee gesteel was, waarvan slegs 1,500 teruggekry was. Hy besluit nou om dié dele van die neutrale gebied tussen die Visrivier en die Keiskammarivier wat nog nie deur Hottentots en Kaffers bewoon was nie, vir blanke kolonisasie oop te gooi. Hy wou soveel kragtige pioniers hier instoot as hy kon kry om die indringende naturelle te keer. Dr. Philip *cum suis* het natuurlik dadelik weer geprotesteer, en die Britse minister van kolonies het Cole se plan goedgekeur, maar onder die voorbehoud dat die Hollandse boere uitgesluit moes word. Alweer 'n belediging dus vir hulle; en wat nog ernstiger was, die nuwe geslag van Afrikaanssprekende grensbewoners moes hulself met besorgdheid afvra, waar hulle en hul kinders dan sou kon boer soos hulle vaders geboer het. Betreklik gesproke het die goeie weiveld vir die ekstensiewe soort van boerdery waaraan hulle gewend was, al begin skaars word, en die ewige-erfpag-stelsel („quitrent'') het die plase, uit hulle standpunt gesien, duur gemaak.

Toe D'Urban die bewind in Kaapstad oorneem, was die toestand op die grens uiters sleg. Cole se halwe maatreëls het nie veel uitgerig nie. Die Kaffers het steeds sterker onder die oortuiging gekom dat die witman bang was. Meer en meer van hulle het die neutrale gebied ingetrek, en Makoma was baie verbitter dat hy daaruit gestoot was. Dit was 'n heen-en-weer gesukkel. Die regering het geen duidelike en sterk koers gehou nie. Selfs die ekspediesies wat af en toe gestuur is om gesteelde vee terug te bring, het meer kwaad as goed gedaan. Dit was b.v. vir die Kaffers onbegryplik dat hulle eie beeste altyd veilig was; dat alleen gemerkte koloniale beeste geneem word. 'n Nuwe groot aanval op die Kolonie was aan die broei. Die Kaffers maak hulle asgaaie skerp, en gedurende die winter van 1834 steel hulle op 'n baie groot skaal, en hulle gee die voorkeur aan perde. Die Londense Sending-Genootskap het by hierdie tyd sendingstasies diep in Kafferland gehad, b.v. by die teenswoordige Kingwilliamstown, maar die goeie sendelinge



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was totaal onbewus van wat die onskuldige natuurkinders in die skild voer.

Ook die minister van kolonies in Engeland was oortuig dat die liberale naturellepolitiek in Suid-Afrika heerlike vrugte sou afwerp. Die troepe is verminder, en D'Urban het opdrag gehad om deur verdrae met die hoofde hulle vriendskap en vertroue te wen. Juis in hierdie tyd is dan ook die eerste verdrag van die soort gesluit. Onder die Griekwas, noord van die Oranjerivier, was, soos ons weet, ook sendelinge van die L.S.G. werksaam, en Andries Waterboer, van Griekwastad is deur hulle beweeg om 'n bondgenoot van Engeland te word. Toe hy teen die end van 1834 na Kaapstad kom om aan die feestelikhede in verband met die vrystelling van die slawe deel te neem, is 'n traktaat tussen hom en die Britse regering tot stand gebring. Hy het beloof om 'n getroue vriend en bondgenoot van die Engelse koningin te wees, en om die noordelike grens van die kolonie tussen Ramah en Kheis (die loop van die Oranjerivier) teen rowerinvalle uit die noorde te beskerm; ook sou weggelope misdadigers onderling uitgelewer word; en Waterboer sou vir sy goeie dienste kry: £100 per jaar, 200 gewere en ammuniesie, en £50 per jaar vir die sendingstasie op sy dorp, veral om die Engelse onderwys van die kinders daar te bevorder. Toe die Britse minister van kolonies hiervan verneem, was hy erg in sy skik. „This," skryf hy, „is the only policy which it became Great Britain to observe and steadfastly to pursue in regard to the native tribes."

Die verdrag met Waterboer is op 11 Desember 1834 in Kaapstad onderteken. Toe dit die aand donker word in Kafferland, brand die oorlogsvure op die berge en heuwels daar van die Keiskamma tot by die Basjeerivier om al die Kosas op te roep tot die groot oorlog teen die witmense.

Die onmiddellike aanleiding tot hierdie oorlog was twee militêre ekspediesies teen twee hoofde, Eno en Tjalie, wie se mense vee gesteel het, maar die Kaffers was al lank tevore klaar, en op Sondag, 21 Desember, 1834, bars 15,000 van hulle oor die grens. Dit was 'n herhaling van wat vroeër reeds so dikwels gebeur het, maar alweer op 'n groter skaal. Teen die eerste stormloop van die Kaffers was die koloniste taamlik magteloos. Van die blankes is 22 mans vermoor, 456 huise is afgebrand en 5,700 perde, 115,000 beeste en 161,000 skape is gesteel. Die beraamde verlies vir die boere was £300,000. Peutery met die kommandowet, wat tevore plaasgevind het om die sendelinge te bevredig, het die onmiddellike doeltreffendheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die kommandostelsel verswak en die geteisterde grensdistrikte nog meer aan die barbare blootgestel.

Op 28 Desember bereik die nuus van die aanval Kaapstad, waar die lesers van die *Commercial Advertiser* nog juis die dag tevore verseker was dat Eno en sy vriende onskuldige mense is wat onreg ly. D'Urban het vinnig opgetree. Die hoogste militêre offisier, luitenant-kolonel Smith, is gelas om dadelik na die grens te gaan en maatreëls te tref om die Kaffers terug te slaan. Smith, 'n haastige en deurtastende man, van wie ons nog meer sal verneem, was binne ses dae in Grahamstad, en het die kommando's laat oproep en ander voorbereidende maatreëls begin tref. D'Urban het hom gevolg en troepe uit Kaapstad is aangebring. In Maart 1835 was alles klaar vir die groot teenaanval. D'Urban, wat met Smith onder hom die leiding oorgeneem het, het oor 2,000 berede man en 1,150 infanteriste beskik. Die burgers het presies die helfte van die hele militêre mag uitgemaak.

Ofskoon baie Kaffers nog in die bosse geskuil het, was die verset teen die westelike Kosas, die Rarabes, teen die begin van April gebreek, en nou was hulle oostelike stamgenote onder Hintsa, wat die ou dubbelspel gespeel het, aan die beurt. Hy wou die gesteelde vee wat hy in bewaring geneem het, nie uitlewer nie, en hy het voortgegaan om die Rarabes te help. Op 15 April 1835 trek D'Urban oor die Keirivier, en voor die end van die maand kom Hintsa om vrede smeek. Dis hom toegestaan op voorwaarde, dat hy dadelik 'n boete van 25,000 beeste betaal en na 'n jaar weer soveel, en dat hy vir Makomo, Tjalie, ens. beweeg om ook vrede te maak en hulle vuurwapens af te gee. Hintsa is as 'n gyselaar in die Engelse hoofkwartier vasgehou. Op sy versoek is hy egter toegelaat om met 'n klein militêre mag onder kolonel Smith uit te gaan om sy boete te help insamel. Wat toe gebeur het, word beste in die woorde van Smith weergegee:

„The Chief invariably rode with me, and upon our ascending the mountains from the Kei, he requested through the interpreter to know in what position he stood both as regarded himself and his subjects. My answer was distinct and definite, 'Hintsa, you have lived with me now nine days; you call yourself my son, and you say you are sensible of my kindness. Now, I am responsible to my king and my governor for your safe custody. Clearly understand you have requested me that the troops under my command should accompany you to enable you to fulfil the treaty of peace you have entered into with His Excellency. You have voluntarily placed yourself in our



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hands as a hostage. You are, however, to look upon me as having full power over you, and if you attempt to escape you will *assuredly be shot*............... At breakfast (the next morning) the Chief appeared particularly uneasy and said, 'What have the cattle done that you want them, or why must I see my subjects deprived of them?' I explained to him, that *he* knew *why* far better than I did, and that seven thousand of my countrymen were in a state of absolute want from the atrocities of his nation. At 10 o'clock I again marched. The Chief appeared in high spirits, was most volatile, and in about three miles he said, 'You see how my subjects treat me; they drive their cattle from me, in spite of me.' 'Hintsa,' I said, 'I do not want your subjects' cattle. I am sent for the colonial cattle which have been stolen, and *which I will have.*' He said, 'Then allow me to send Umtini, my principal councillor, forward to tell my people I am here, that they must not drive their cattle, that the cattle of your nation will be alone selected.' I had no objection to this arrangement, as it was a chance in my favour, although I already could observe that he was meditating mischief. I told Umtini, 'Mind now you come to me to-night.' 'Depend upon it,' he said. I allowed him and Hintsa's servant to depart, which they did at full speed. Hintsa was enraptured and said, 'Now we need not to go to the Bashee; you will have more cattle than you can drive on the Kebaka.' Upon our approach to the Kebaka it was evident that the great spoor of the cattle divided, one track going to our left up a stupendous mountain, the other to the right up a very high, abrupt, steep and wooded hill upon the banks of the Kebaka, below which its bed is rugged, precipitous and covered with brush wood. Hintsa said, 'We must go to the right, the cattle up the mountain is lost to us.' It had been observed that this day Hintsa rode a remarkably fine horse, and that he led him up every ascent. The path up this abrupt and wooded hill above described is by a narrow cattle track occasionally passing through a cleft in the rock. I was riding alone at the head of the column, and having directed the cavalry to lead their horses, I was some three of four horses' length in front of every one.... When nearing the top I heard a cry of 'Hintsa,' and in a moment he dashed past me through the bushes, but was obliged from the trees to descend again into the only path. I cried out, 'Hintsa, stop;' I drew out my pistol and presenting it at him, cried out, 'Hintsa.' He stopped and smiled, and I was ashamed of my suspicion. Upon reaching the top of this steep ascent, the country was perfectly open and (there



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was) a considerable tongue of land running parallel with the rugged bed of the Kebaka upon a gradual descent of about two miles to a turn of the river, where were several Kaffir huts. I was looking back to observe the march of the troops, when I heard a cry of 'Look, Colonel!' I saw Hintsa had set off at full speed, and was thirty yards ahead of every one. I spurred my horse with violence and coming close up with him, called to him; he urged his horse the more, and could beat mine. I drew a pistol; it snapped. I drew a second; it also snapped. I then was some time galloping after him, when I spurred my horse alongside of him and struck him on the head with the butt end of a pistol. He redoubled his efforts to escape, and his horse was three lengths ahead of mine. I had dropped one pistol and threw the other after him and struck him again on the head. Having thus raced about a mile, we were within half a mile of the Kaffir huts. I found my horse was closing with him. I had no means whatever of assailing him, while he was provided with his assegais. I therefore resolved to attempt to pull him off his horse, and I seized the athletic chief by the throat and twisting my hand in his kaross, I dragged him from his seat and hurled him to the earth. He instantly sprang upon his legs and sent an assegai at me, running off towards the rugged bed of the Kebaka. My horse was most unruly, and I could not pull him up, till I reached the Kaffir huts. This unhorsing the chief and his waiting to throw an assegai at me brought Mr. George Southey of the Corps of Guides up, and at about two hundred yards' distance he twice called to Hintsa in Kaffir to stop or he would shoot him. He ran on. Mr. Southey fired and only struck him in the leg, again calling him to stop, without effect. He fired and shot him through the back. He fell headlong forwards, but springing up and running forward, closely pursued by my aide de camp, Lieutenant Balfour, he precipitated himself down a kloof into the Kebaka, and posting himself in a narrow niche of the rock defied any attempt to secure him. When still refusing to surrender and raising an assegai, Mr. George Southey fired and shot him through the head. Thus terminated the career of the chief Hintsa, whose treachery, perfidy and want of faith made him worthy of the nation of atrocious and indomitable savages over whom he was the acknowledged chieftain.''

Die dood van die grootkaptein van al die Kosas was nie sonder uitwerking onder hulle nie, maar dit het D'Urban nog heelwat tyd en moeite gekos om al die hoofde tot onderwerping te bring, en die maatreëls wat hy nodig geag het, te tref. Reeds



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

op die tydstip toe Smith en Hintsa nog gesellig saamgery het, is die hele gebied tussen die Keiskamma en die Kei tot aan die Stormberge deur 'n proklamasie van D'Urban geannekseer, en die naam, „Province of Queen Adelaide,'' is daaraan gegee. Die goewerneur se plan was om alleen vriendskaplikgesindes daarin toe te laat, soos b.v. die Fingo's en Soetoe en Sandielie met hulle mense, want die westelike regentes het haar seun en sy Kaffers uit die oorlog gehou. Met Kreli, die seun en opvolger van Hintsa, is toe afgespreek dat hy die oproerige Rarabehoofde in sy land anderkant die Keirivier sou opneem; maar dit het onmoontlik geblyk om vir Makoma, Tjalie, Eno, ens., te beweeg om daarheen te gaan, en op 'n groot vergadering, wat in September 1835 onder D'Urban se leiding plaasgevind het, en waarby al die belangrike Rarabehoofde teenwoordig was, is toe ander reëlings getref: Die nuwe provinsie bly, soos afgebaken, Britse gebied, en die Rarabes word toegelaat om daarin te bly maar as Britse onderdane; die hoofde behou 'n mate van hulle regeringsmag, en die wette en gewoontes van die Kaffers word gehandhaaf, maar hulle is tog ondergeskik aan 'n Britse resident wat in Kingwilliamstown met 'n militêre mag sy setel het; ook by die hoofde word blanke regeringsagente aangestel. Dit het beteken dat kolonel Smith, die eerste resident, nou 90,500 Kaffers in orde moes hou, en hy was net die man om met so 'n moeilike taak belas te word, want hy was altyd sterk onder die indruk dat niemand 'n gegewe stuk werk beter en vinniger kon regkry as hy nie. Die volgende uittreksel uit 'n brief van hom aan sy suster, geskryf kort na die oorgawe van Hintsa, gee ons 'n indruk van sy geaardheid:

''The great chief Hintza and his heir, brothers and councillors are at this moment in my possession, having concluded an honorable peace for us; but I am keeping them until every article is fulfilled.... I have had a most difficult task, be assured, since the 1st of January (toe hy in Kaapstad op sy perd gespring het). At 3 o'clock in the morning I am up, writing or doing something of importance, frequently (having) marched *three successive nights with fresh troops* (die kursivering is altyd van homself). All this fatigue and responsibility I have borne almost without a knowledge of it, because I have dared to trust that the Almighty has chosen me as the instrument (however humble) of His divine will as the avenger of the atrocities of the savages upon His Christian people. The only thing I pride myself upon is the bold and enterprising exertions I have made in bringing off every missionary *at his own request* from amongst the savages, whom he had been induced to hope



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

he might reclaim. Here I have succeeded. There is not one of them who does not acknowledge that his exertions have totally failed, and all this canting hypocritical jargon of the day —— has failed in this present instance—— Every missionary, no matter of what description: London, Glasgow, Wesleyan, etc., all, *all* have failed, and altho' *that satan, Dr. Philip,* has been the great author of the savages' delinquency and atrocities, not a clergyman now goes with him, but all view the fanaticism of his conduct in its true light and abhor the practices by which he has endeavoured to attain ascendency in what he calls the Christian world. Your brother Harry has destroyed the enemy, while every missionary says, 'Colonel Smith, God bless you'.''

Ryperd! soos die ou boer gesê het; maar Harry was darem te seker van homself en van sy saak. Die sendelinge was nie só teneergedruk, dat hulle nie dadelik weer hulle werk opgevat en b.v. Lovedale gestig het nie, en dr. Philip sou baie gou 'n afdoende bewys lewer dat hy nog die naturellepolitiek van Suid-Afrika voorskryf.

Die dokter het met twee specimina van kleurling-bekeerlinge, 'n Kaffer en 'n Hottentot, na Engeland gegaan en heftig teen D'Urban se grensreëling progaganda gemaak. Sy getuienis voor 'n Britse parlementêre komitee, waarop ook broeder Buxton sitting had, is as allergewigtigs beskou. Voor hierdie komitee het ook Andries Stockenström, die gewese landdros van Graaff-Reinet en grenskommissaris, verskyn. In die voorafgaande jare het hy filantropiese neigings begin openbaar; Ordonnansie Nommer 50 is b.v. op 'n ontwerp van hom gebaseer; maar sy getuienis in Engeland was selfs vir sy nuwe vriende 'n aangename verrassing en vir sy oues meer as 'n pynlike ontnugtering. Hy het saamgepraat met dié mense wat die boere die skuld vir die onluste op die grens gee, en sommige van sy uitdrukkings was bereken om die hele Boerevolk nog meer verdag te maak. Dis wel waar dat hy sulke uitdrukkings soos „Robbers and Murderers'' nie op al die koloniste toegepas het nie, maar die filantrope in Engeland was nie besonder ywerig om hulle onderskeidingsvermoë te gebruik nie.

En nou moes Glenelg met sulke getuienis voor hom besluit of hy D'Urban se grensreëling gaan bekragtig of verwerp. Om die minister alles te gee wat hom toekom, moet gesê word dat die Kaapse goewerneur op 'n onverklaarbare manier versuim het om sy kant van die saak behoorlik toe te lig. Aan Glenelg se versoek om volledige informasie is nie voldoen nie. In elk geval, die besluit van Glenelg, in 'n skrywe van 26 Desember 1835 vervat, het as volg gelui: „In the conduct which was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

pursued towards the Kaffir nation by the colonists and the public authorities of the colony through a long series of years, the Kaffirs had an ample justification of the war into which they rushed with such fatal imprudence at the close of the last year...... *The claim of sovereignty over the new province bounded by the Keiskama and the Kei must be renounced.* It rests upon a conquest resulting from a war in which, as far as I am at present enabled to judge, the original justice is on the side of the conquered, not of the victorious party.''

Verder word aan D'Urban meegedeel dat Andries Stockenström as luitenant-goewerneur vir die Oostelike Provinsie sal terugkeer om die geannekseerde land aan die Kaffers terug te gee, om toe te sien dat alleen sendelinge van die Kolonie se kant daarin gaan, om verdrae met die hoofde te sluit en om in die algemeen die grensaangeleenthede op 'n humane grondslag te behartig.

In Julie 1836 stap kaptein Stockenström in Kaapstad aan wal, en vóór die end van die maand aanvaar hy sy nuwe amp in Grahamstad. Hy besoek Kingwilliamstown, maak die nodige reëling vir die terugtrekking van die Britse bewind, en op 5 Desember 1836 volg die proklamasie wat die Rarabes van die eed van getrouheid aan die Engelse koning ontbind en die grens van 1819 herstel. Juis toe maak Piet Retief hom klaar om vir Trigardt, Potgieter en Maritz op hulle weg na die noorde te volg. *Die Groot Trek het begin;* was reeds aan die gang.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK VI.

# DIE GROOT TREK.

### § 1. Die Oorsake en Doel.

Ons gaan die gebruiklike prosedure volg en die oorsake van die Groot Trek kortliks uiteensit, voordat ons die verloop daarvan behandel. Ons is egter bewus daarvan dat so 'n uiteensetting onvolledig moet wees, as ons by die bespreking van dié oorsake ons tot die periode wat die Trek voorafgegaan het, beperk; want uit die getuienis van die Trekkers en ander tydgenote, afgelê nadat die groot beweging al aan die gang en selfs afgeloop was, kan die beste inligting omtrent die aanleiding daartoe verkry word. Ons sal hier dus ook vorentoe moet gryp en na sake verwys wat eers later kan behandel word, maar ons sal natuurlik ook die historiese ontwikkeling tot die vooraand van die Groot Trek goed in gedagte moet hou; m.a.w. die oorsake van die Trek moet vasgestel word uit die getuienisse van mense wat daaraan deelgeneem of dit van naby leer ken het, maar hulle bewerings moet deur ons met ons kennis van die vorafgaande gebeurtenisse gekontroleer en aangevul word.

Daar was verskillende hoofgroepe van Trekkers, en hulle het nie gelyktydig die Kolonie verlaat nie en was van verskillende dele daarvan afkomstig. Die Trigardt (-van Rensburg)-Trek was die eerste. In April 1835 begeef Trigardt en sy mense hulle na die Oranjerivier, maar hulle was toe al lank ver buitekant die Kolonie by die Keirivier woonagtig gewees, want in 1829 (die jaar na die proklamasie van die Vyftigste Ordonnansie!) het Louis Trigardt, wat by die Bosberg by Somerset-Oos gewoon het, sy seun Karel met baie vee oor die oosgrens gestuur, en die hele familiegroep het van Hintsa grond gekry en by die Keirivier gaan woon.

Teen die end van 1835 volg Hendrik Potgieter met sy aanhang uit die Tarkastreek en Colesberg, d.w.s. uit die noordwestelike deel van die Kolonie, taamlik ver van die Kaffergrens af, vir Trigardt na die noorde toe. 'n Jaar later, in Oktober 1836, gaan die Graaff-Reinetse groep onder Gert Maritz op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

reis. Hulle was al baie nader aan die eintlike terrein van die groot Kafferonluste. Uit die werklike brandpunt daarvan, die Winterbergstreek en Albanie, trek Piet Retief met sy volgelinge in die begin van 1837. Eindelik kom dan nog die Uysmense, wat teen die middel van 1837 hulle woonbuurt, Olifantshoek in Uitenhage, verlaat. Ook hulle was ongemaklik naby die Kaffergrens, maar sedert die grensreëling van 1819 en die koms van die Britse setlaars in 1820 het hulle tog minder as vroeër onder die roofinvalle gely.

Dis interessant en belangrik om na te gaan, watter redes die verskillende groepe vir hulle wegtrek gegee het. Louis Trigardt skryf in sy Dagboek dat sy antwoord op 'n vraag van die Portugese bevelvoerder in Lourenco Marques as volg was: „Ik zei aan zijne edelheid: 1ste dat de grins van de twee Colonies (Graaff-Reinet en Uitenhage soos hulle vroeër was) door de Swarte Natie is verrinuweert geworden; 2de dat de Goevernemint alle slaven op vrije voeten steld; 3de dat de Goevernemint de Africaander tot soldaat vraag."

Sarel Cilliers, wat uit die teenwoordige Colesberg met Potgieter getrek het, gee die volgende verklaring in sy sogenaamde „Joernaal": „Het is voor my nu (in 1870) niet meer mogelijk om alles op papier te stellen, waarom ik mijn Moederland heeft verlaten daar ik ten eersten mijn ontevreden gevoel met de Basterland, die wij van de Boesman's gehandeld heeft, en daarna de Bastaards kwam en schoot de Boesmans dood en nam bezit van ons eigendom, en wij was het kwijt — tweede — Wij had een Commissie gedaan met 10 man, tot aan Vet, Sand en Valsch Rivier, en vond die landstreek woest, zonder inwoners, wij maakte een Memorie op aan de Gofferneur van de Kaap, 72 namen onderteekend, door huishoudende menschen, die geen grond had, het werd ons geweigerd, 3d. de Vrijdom der Slaven, en was beloofd door de Gouvernement dat 2 Taksateurs zou worden gezonden, en na Taxatie zal worden uitbetaald. Ik had bezit aan slaven die is getaxeerd voor Rds. 2,888 dat ik zelfs gaf, en ik heb aan negotie Rds. 500 ontvangen. Dan nog meer, die maar zwijgen zal."

Anna Steenkamp, 'n volgeling van Gert Maritz, skryf in haar „Gedenkskrif" van 1843: „De redenen waarom wij onze erven en plaatsen, goed en bloed, verlaten hebben, zijn de volgende:

1. De onophoudelijke stroperijen en diefstallen der Kaffers en de oorheersing en trotse behandeling van hen; en ofschoon ons Goevernement schone beloften aan ons gedaan heeft, heb-

J2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ben we nochtans geen kompensatie voor onze geroofde goederen ontvangen.

2. De schandelijke en onrechtvaardige handelwijze met betrekking tot de vrijheid onzer slaven, en nochtans heeft die vrijheid ons niet zozeer verdreven als hunne gelijkstelling met de Kristenen, strijding met de wetten van God en 'n natuurlik onderscheid van afkomst en geloof, zodat het onverdragelik was voor elk fatsoenlik Kristen onder zúlk 'n last te buigen, waarom we dan ook ons liever verwijderden, om des te beter ons geloof en de leer in zuiverheid te behouden.''

Piet Retief het in sy bekende memorie van 22 Januarie 1837 by sy vertrek uit Grahamstad plegtig geboekstaaf waarom die Trekkers besluit het „om so 'n heilige band te verbreek as wat die Kristen aan sy geboortegrond verbind.'':

1. „Ons wanhoop (sê hy) daaraan om die Kolonie te red van die euwels wat dit bedreig deur die oproerige en oneerlike gedrag van vabonde, wat toegelaat word om die land in alle dele te verontrus; en ons sien geen vooruitsig op vrede en geluk vir ons kinders in 'n land wat op dié manier gekwel word deur inwendige beroeringe nie.

2. Ons kla oor die gevoelige verliese wat ons genoodsaak is om te ly deur die vryverklaring van ons slawe, en die ergerlike wette wat gemaak is met betrekking tot hulle.

3. Ons kla oor die stelselmatige en aanhoudende plundering wat ons hier moet verduur van die Kaffers en ander kleurlinge en besonderlik deur die laaste inval in die Kolonie, wat die grensdistrikte verwoes en die meeste inwoners geruïneer het.

4. Ons kla oor die onregverdige blaam wat op ons gelê is deur belanghebbende en oneerlike persone onder die dekmantel van godsdiens — persone wie se getuienis in Engeland geglo word tot uitsluiting van alle bewysmiddels in ons voordeel; en ons voorsien as gevolg van hierdie vooroordeel niks anders as die totale ondergang van die land nie.''

Eindelik noem ons dan nog Piet Uys se brief aan D'Urban, op 7 Augustus 1837 by die Oranjerivier geskryf. Die volgende uittreksels daaruit is vir ons doel baie belangrik: „Ek het (noord van die Oranjerivier) meer as drieduisend mense, gewese inwoners van die Kolonie, ontmoet; hulle het hulle land verlaat en na 'n vreemde land, ja selfs 'n woestyn, gegaan. Ek het met baie van die ou mense onder hulle gepraat om die redes agter te kom waarom hulle hul geboorteland verlaat het, en hulle noem die volgende as die belangrikste oorsake.

1. Die wette, deur die (Britse) parlement vir die Kolonie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gemaak, hoe ongeskik vir die mense en die omstandighede hier hulle ook mag wees, moet onvoorwaardelik gehoorsaam word.

2. Ons het groot onkoste gehad om ons plase te laat opmeet, voordat ons transport kon kry, en vir 'n klein plasie moet ons nou 'n jaarlikse pag van 40 tot 200 riksdalers betaal.

3. Al ons huishoudelike gesag oor die ingeboekte kleurlinge in ons huise en op ons plase is van ons weggeneem, en dit het hierdie kleurlinge so brutaal gemaak dat ons van ons besittings en selfs van ons lewe nie meer seker was nie. Ons het ook nie die reg om ons teen hulle te verdedig nie, en as hulle 'n valse beskuldiging teen ons by die magistraat maak, dan word ons nes moordenaars deur swart en wit konstabels gepak en voor die hof gesleep, tot groot afbreuk van ons goeie naam. (Dit het werklik met die vrou van Piet Uys gebeur, toe hy op kommando teen die Kaffers was).

4. Die slawe, wat ons eiendom was en ons baie geld gekos het, is op 'n taksasie, wat op las van die parlement geskied het, van ons geneem, en ons het 'n derde deel van die gewaardeerde bedrag gekry.

5. Die jongste Kafferinval is ook een van die oorsake. Die Kaffers vermoor en beroof die koloniste nou al vir baie jare; en om alles te kroon, word ons nou daarvan beskuldig dat ons die laaste oorlog veroorsaak het, en ons wat al ons vee kwyt is en ook ander verliese gely het, moet maar tevrede wees.'' Uys noem dan ook nog: die gebrek aan 'n wet teen leeglopery, die feit dat die koloniste gedwing word om hulle belastings te betaal, terwyl hulle vir hulle waens, trekbeeste en perde, wat in die oorlog gebruik is, geen behoorlike vergoeding ontvang het nie, ens.

As ons getuienisse soos die bogenoemde lees en aan die ontwikkeling wat die Trek voorafgegaan het, dink, dan moet ons tot die volgende konklusie kom: —

(1) Die Afrikaanssprekende bewoners van die oostelike distrikte het 'n opgekropte gevoel van ontevredenheid met en verbittering teen die Britse bewind in hulle omgedra, en die mees algemene oorsaak hiervan was die oorheersende invloed wat die negrofiliste uitgeoefen het. Die gelykstelling van kleurling en blanke het teen die hele lewensopvatting van die boere ingedruis; hulle is ernstig daardeur in hulle bedryf en lewe benadeel en bedreig, en deur die beskuldigings van die filantrope en die geloof dat daaraan geheg is, ook diep in hulle eer gekrenk. Hulle was daarvan oortuig dat die Hottentots, Kaffers en ander gekleurdes, die besondere troetelkinders van die filantrope, die bevoorregte beskermlinge van die regering, was,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Besonder griewend en kwellend vir die Afrikaanssprekende koloniste in die algemeen was die ondermyning van hulle gesag oor hulle slawe en bediendes, en die bewoners van die oostelike binneland van die Kolonie het hierdie ondermyning ergste ge voel; baie ernstige gevare het vir hulle daaruit gevloei, want ook teenoor die rondswerwende Hottentots en ander gekleurdes, wat hier so volop was, het hulle in 'n veel swakker en meer vernederende posiesie as ooit tevore te staan gekom.

(2) Veral in dié dele wat meeste onder die Kosa-invalle gely het, was die swak Kafferpolitiek van die regering, ook 'n resultaat van filantropiese invloed, die hoofrede waarom hulle getrek het; en die oorlog van 1834-5, tesame met Glenelg se grensreëling, het die beker van die mense hier laat vol loop en by baie wat nog weifelend was die deurslag gegee om die Kolonie te verlaat.

(3) Die vrystelling van die slawe het ook veel daartoe bygedra om die oostelike veeboere bitter ontevrede te maak. Dis wel waar dat hulle betreklik min slawe gehad het, maar dit verander niks aan die feit nie dat hulle ook onder die lae kompensasie-skaal gely en dit as 'n groot onreg beskou het; buitendien het die voorafgaande regulasies, in verband met die slawe gemaak, en die uitbly van 'n wet teen leeglopery die hele emansipasiepolitiek van die regering in so 'n slegte lig voor die koloniste gestel, dat hulle die onbillikheid van die gebrekkige kompensasie des te sterker gevoel het.

(4) Die grondkwessie het ook 'n rol gespeel, en dis interessant dat Sarel Cilliers, wat die standpunt van die Potgietermense verteenwoordig, dit besonder beklemtoon, en dat Uys ook uit 'n ander standpunt 'n groot saak daarvan maak, terwyl Retief, wat onder dié vir hom en sy mense allesoorheersende Kaffergevaar gebuk gegaan het, dit nie eers noem nie. Ons moet só daaraan dink: baie boere op die grens wou meer grond hê, maar by dié wat selfs nie in staat was om die grond wat hulle had, van die rooftogte van Kaffers en ander gekleurdes vry te hou nie, het die grondkwessie as sulks minder swaar geweeg. Dat die plase vir baie boere, volgens hulle beskouings en omstandighede, skaars en duur geword het, kan nie betwyfel word nie. Die Afrikaanse veeboer was op slot van sake in dieselfde posiesie as die Australiese „squatter,'' met dié groot verskil egter dat laasgenoemde die wye, vrye wêreld vóór hom gehad het, terwyl eersgenoemde op die oosgrens van die Kolonie na die see se kant toe teen die Kaffers gebots het en ook nie toegelaat is om die oop grond by die Katrivier, of verder noord aan weerskante van die Oranjerivier, in besit te neem nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Met kleiner kwessies soos b.v. die klag van Trichardt, „dat de Goevernemint de Africaander tot soldaat vraag,'' wat aan 'n poging van die regering om die burgers aan gereëlde militêre oefenings te onderwerp moet toegeskryf word, hoef ons ons nie besig te hou nie.

Die groot grondoorsake van die Trek het ons genoem, en ons moet onthou dat hulle *kumulatief* gewerk het — en op 'n bevolking wat van die begin af baie redes had om 'n wrok teen die Engelse regering te koester en Slagtersnek b.v. nog nooit vergeet het nie; 'n bevolking wat onder ekonomiese druk verkeer het, die gevolg alleen van Kaffer- en Hottentotrooftogte nie, maar ook van 'n gedepresiëerde geldkoers, 'n slegte mark, 'n verandering in die grondstelsel, ens.; 'n bevolking wat selfregerend gewees het en dit *kon* wees, maar die laaste reste van selfregering verloor het; 'n bevolking eindelik wat weëns sy vermeerdering en die geërfde aard van sy boerdery meer ruimte wou hê, wat dié ruimte nie binne die grense van die Kolonie kon kry nie maar wel daarbuite, wat selfstandig, kragtig en moedig genoeg was om alle gevare op die weg na die beloofde land te trotseer, vir wie trouens die reis daarheen in baie opsigte slegs 'n gewysigde vorm van sy normale bestaan sou wees.

Ons moet ons egter daarvoor wag om die treklus van die veeboere as een van die grondoorsake van die Groot Trek te gaan beskou. Dit was onder hulle aanwesig en het die Trek moontlik gemaak, maar so nomadies was hulle tog ook nie, dat duisende van hulle daardeur beweeg is om huis en haard vaarwel te sê nie. Ook mag nie beweer word dat die Voortrekkers die Kolonie verlaat het om van alle regeringstug ontslaan te wees nie. So 'n bewering is in stryd met wat ons van hulle karakter afweet, en ook met hulle handelwyse in die woeste, verre binneland.

Vir Glenelg was die oorsake van die Trek 'n maklik uitgemaakte saak. Hy skryf aan D'Urban: „The motives of this emigration were the same as had in all the ages impelled the strong to encroach on the weak, and the powerful and unprincipeld to wrest by force or fraud from the comparatively feeble and defenceless, wealth, or property, or dominion'' en met hierdie teregwysing sit hy vir D'Urban op sy plek, wat dit gewaag het om die Voortrekkers te beskryf as „a brave, patient, industrious, orderly and religious people, the cultivators, the defenders and the tax contributors of the country,'' wat die Kolonie verlaat het as gevolg van „insecurity of life and property occasioned by recent measures, inadequate compensation for the loss of the slaves, and despair of obtaining recompense



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

for the ruinous losses by the Kaffir invasion.''

D'Urban het die saak egter beter verstaan as sy hoë leermeester, en ook omtrent die *doel* van die Trek, wat onder Glenelg se definiesie met die oorsaak daarvan saamgeval het, was die Kaapse goewerneur beter ingelig. Van verskillende Trekkers het hy dit verneem, en hy het hulle geglo — deur niemand beter uitgedruk nie as deur Retief in sy Manifes: —

,,Ons is beslote om, waar ons ook al mag gaan, die beginsel van ware vryheid hoog te hou; dog waar ons sal sorgdra dat niemand in 'n toestand van slawerny gehou word nie, daar is ons ook beslote om behoorlike wette daar te stel tot onderdrukking van misdaad, en om 'n behoorlike verhouding tussen heer en diensbode te bewaar.

Ons verklaar plegtiglik dat ons hierdie Kolonie verlaat met die begeerte om 'n rustiger lewe te lei as ons tot hiertoe gehad het. Ons sal geen volk molesteer nie, en aan niemand die geringste eiendom ontneem nie; maar word ons aangeval, dan sal ons ons ten volle geregverdig beskou om ons persoon en eiendom te verdedig tot die uiterste toe, teen enige vyand.

Ons maak bekend, dat wanneer ons vir ons toekomstige leiding behoorlike wette sal neergelê het, afskrifte daarvan na die Kolonie sal gestuur word vir algemene informasie.

Ons stel ons voor om, in die loop van ons trek, en wanneer ons aangekom het in die land waar ons gaan woon, ons bedoelings aan die inboorlingstamme bekend te maak, asook ons begeerte om in vrede en vriendskap met hulle te leef.

Ons verlaat die Kolonie onder die volledige versekering dat die Engelse regering niks meer van ons te vorder het nie, en ons sonder verdere bemoeiing sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur.

Ons vertrek nou uit ons vrugbare geboorteland, waar ons enorme skade gely en voortdurend aan ergernis blootgestaan het om ons te gaan vestig in 'n woestyn en gevaarlike gebied; maar ons gaan met 'n vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en genadige God, Wat ons altoos sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam.''

Die doel van die Groot Trek was dus in één woord — Vryheid, dog as 'n middel, nie tot wetteloosheid nie, maar tot rus en orde en 'n gereelde en veilige bestaan. Egter, ook die doel is 'n ingewikkelde saak, en sal uit die geskiedenis van die beweging self beter sigbaar word.

### § 2. Voorbereiding en Uittog.

Dat die eerste aanleidende oorsake tot die Groot Trek ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

der teruglê as die begin van die Kafferoorlog van 1834-5, of selfs van die vrystelling van die slawe, word bewys deur die feit dat reeds in die begin van 1834 verskillende kommissies deur die bewoners van die oostelike grensdistrikte uitgestuur is om na beter woonplekke buitekant die Kolonie te soek. Agter hierdie sendings, soos trouens agter die hele Trekbeweging in sy voorbereiding, het 'n sekere mate van gesamentlike raadpleging geskuil, en Piet Retief en Gert Maritz was by uitstek dié persone wat die hele saak probeer organiseer en na onderlinge samewerking gestreef het.

Een kommissie het deur Kafferland gegaan na die hawe van Natal. Dit het uit 21 persone bestaan, waaronder manne soos Gert Rudolf, Jakobus Moolman, Stefanus Maritz ('n ouer broer van Gert Maritz), Johannes de Lange, en was onder die leiding van Piet Lafras Uys. 'n Twede kommissie onder Scholtz is na Soutpansberg gestuur; en 'n derde na Damaraland. Teen die begin van 1835 was al die kommissies terug in die Kolonie, en toe is 'n soort van voorlopige onderlinge afspraak getref dat Thabantsjoe die algemene vergaderplek sou wees. Kort daarna gaan Louis Trigardt op reis uit die Keigebied, waar die mense van die Uys-kommissie hom op hulle deurtog ontmoet en omtrent die trekplanne, sover soos hulle dan gevorder was, waarskynlik ingelig het.

Die onmiddellike oorsaak, waarom Louis Trigardt sy woonplek by die Keirivier verlaat het, was die opmars van die koloniale leërmag teen Hintsa, maar dat hy in verbinding met die groot trekbeweging was, is seker. Tussen hom en Potgieter altans was daar 'n verstandhouding. Teen die end van April nader hy die Oranjerivier en tree in voeling met die Rensburgtrek, wat uit die noordoostelike deel van die Kolonie afkomstig was, en nes syne uit ongeveer 50 siele bestaan het. Van die Rensburgers weet ons nie veel meer nie, as dat hulle gewoonlik 'n ent vóór Trigardt getrek het en eindelik in Julie 1836 naby die samevloeiing van die Limpopo- en Olifantsriviere deur die Kaffers uitgemoor is.

Omtrent die Trigardt-trek daarenteen is ons besonder goed ingelig, dank sy die merkwaardige dagboek wat die leier daarvan nagelaat het. Nadat hy etlike maande in die suide van die teenswoordige Vrystaat deurgebring het, waarskynlik om sekerheid omtrent Potgieter se koms te verkry, slaan hy weer die koers na die noorde in, ontmoet die Rensburgers naby die Vaalrivier, maak op hulle spoor 'n swenking na die ooste toe om die gevaarlike Matabeles wat voorlê te ontwyk, en bereik teen die middel van 1836 Soutpansberg. In hierdie buurt haal Potgieter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

met 'n verkenningsgeselskap hom in, en dit word afgespreek dat Trigardt op Potgieter se „agterste mense'' in Soutpansberg sal wag. En nou begin die deel van die dagboek, wat bewaar gebly het, 'n verhaal so spannend en na die lewe geteken, en eindelik so aangrypend, dat dit ons die hele verdere verloop van hierdie trek, met die mense wat daaraan deelgeneem het, helder voor die gees bring en ons met stygende belangstelling tot die noodlottige slot daarvan meevoer. Dit is die romantiek van die daad, te boek gestel deur 'n hand, waaraan die sweet van die treklewe en die ruik van kruitdamp kleef, en wat eindelik onder ondraaglike slae weier om verder te skrywe.

Trigardt wag 'n jaar lank op Potgieter in Soutpansberg. Hy het niks geweet van die moordaanvalle van die Matabeles op die „agterste mense'' en die strafekspediesie na Mosega nie, en dit was vir hom onbegryplik, waarom daar geen taal of teken uit die suide weer kom nie. Hy het immers geweet dat Potgieter se mikpunt die gebied noord van die Vaalrivier was. Hy stuur in die tussentyd boodskappers na Lorenco Marques om die gesindheid van die Portugese agter te kom, want dit was 'n uitgemaakte saak onder al die Trekkers dat hulle vir in- en uitvoer 'n hawe, wat vry van Britse beheer was, moes beskikbaar hê. Die Vryheid — en die See! Dit was hulle einddoel. Onder Trigardt se boodskappers was Gabriël Buys, een van die baie basterkinders van Coenraad Buys, wat lank tevore hierheen gevlug en deur menigvuldige huwelike met Kaffermeide 'n Buysstam gestig het. Teen die middel van 1837 keer Gabriël Buys met twee Portugese soldate terug, en aangesien Potgieter nog nie van hom laat hoor het nie, en die ammuniesie, koffie, suiker, ens., begin skaars word, het Trigardt besluit om te doen wat die Portugese blykbaar verwag het, nl. om met sy trek na Lorenco Marques te gaan.

Ons het in die tussentyd die geselskap leer ken. Dit was 'n interessante versameling. Daar was die Trigardt-familie, intelligente en betreklik ontwikkelde mense, en ook ander fatsoenlike families. Daniel Pfeffer, die ou onderwyser, het een-en-twintig kinders in sy peripatetiese skool gehad. Die uitlander-element is deur Isaak Albach, „'n Fransman,'' wat met 'n meid getroud was en 'n minderwaardige posiesie ingeneem het, verteenwoordig; en „Ou Hans Strydom,'' wat by die dood van sy vrou nie kon sê hoe oud sy was nie, was 'n voorbeeld van die ongeletterde bywonertiepe.

Die humor van die dagboek, wat nogal ryk is, bestaan vir 'n groot gedeelte uit Louis Trigardt se gekskeerdery met mense



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

soos Albach en Strydom. „Ou Hans'' hou nie van die wewenaarslewe nie en sit sy oog op die weduwee Antjie Scheepers, wat nie ongeneë gelyk het om liefdesbetuigings van hom te ontvang nie. Albach wat die ding deurgekyk het, vind dat hy baie onverstandig is, en terwyl hy by die aantrek van 'n wielband blaasbalk trek, vertel hy vir Trigardt in gebroke taal hoe dit met hom in die Nuweveld gegaan het, toe hy na 'n „weedvrou ke-vry had.'' Sy het met mooipraat hom „mak kamaak;'' en toe draai sy skielik. „Zij gee,'' sê hy, „mijn die beesstok (besemstok) ater mijn schouwblat. Kat (ek het) keloop, noijt nie ikat (ek het) weer kekom kepraat. Ikke zee (sê) nee. Zal vir jouw zoo kaan ou Hans, ikke had zoo kekrij. Rek (regtig), ou Louies, das waar, had zoo kekrij ikke. Moet oppas ou Hannis vir jouw ook zoo kaan nie.''

Minder grappig is dit wanneer ons verneem hoe Carolus en Pieta, die twee suens van Louis Trigardt, oor 'n kleipyp stry, want hier het ons 'n aanduiding van die onenigheid wat dikwels onder hierdie pioniers bestaan het. Jan Pretorius, met sy opvlieënde humeur, was een wat moeite veroorsaak het. Afgesien van die neiging tot tweedrag en die gevaar van vermoording deur die Kaffers, wat by een geleentheid baie groot was, het die mense van die Trigardt-trek, totdat hulle Soutpansberg verlaat het, 'n interessante en nie onaangename lewe gelei nie. Soos al die ander Trekkers het hulle hul beeste en skape saamgebring. Buitendien was wild volop, en as hulle lank êrens staan, bou hulle rondawels, maak tuine en saai graan.

Op 23 Augustus 1837 begin die trek na Lourenço Marques. Oor Drakensberg na Olifantsrivier was die reis al moeilik genoeg, maar toe hulle die rivier na die ooste volg en oor die berge na die see se kant toe moes kom, was dit 'n weke-lange foltering vir mense en diere. Hulle dink reeds daaraan om die waens te laat staan, en tevoet die verdere reis af te lê, maar die vroue het hulle aangespoor om die waens langs steiltes af te bring, waar dit nodig was om die agterosse se sterte aan die vooras vas te maak om te keer dat hulle nie vooroor val nie en waar sommige dit selfs raadsaam geag het om die waens in stukke af te dra. Eindelik teen die end van Januarie 1838 was die hele trek in die laeveld van die kusstreek. In die warmste en ongesondste tyd van die jaar moes hulle nou hulle weg deur hierdie koorsland vervolg, en op 13 April bereik hulle eindelik Lourenço Marques.

Dit was 'n blye dag vir hulle, en sê Louis Trigardt, „Wij deed verscheide schoten met onze geweers,'' natuurlik om hulle behoue aankoms op ou Afrikaanse manier aan te kondig. Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011